LUKAS–HANDELINGE
TWEE BOEKE VIR ONS TYD

David J. Bosch

LUKAS–HANDELINGE
TWEE BOEKE VIR ONS TYD

David J. Bosch

INHOUDSOPGAWE

TER INLEIDING iv
VOORWOORD vi
TWEE BOEKE VIR ONS TYD 1
GOEIE NUUS VIR ARMES ... ÉN RYKES 9
DIE WRAAK WEGGENEEM! 17
BEKERING, VERGEWING, VERLOSSING 24
RUIMTE VIR ALMAL! 31
... EN JULLE SAL MY GETUIES WEES 38
SLOT 45

TER INLEIDING

Die laat tagtigs was ’n slegte tyd in die geskiedenis van Suid-Afrika. Rassegeweld was aan die toeneem. Die gebruik om mense lewendig te verbrand indien hulle daarvan verdink is dat hulle met die apartheidsregering saamwerk (deur die sogenaamde ‘necklacing’ metode) was vars in die geheue van die bevolking. In 1988, te midde van hierdie spanning, het die Noord-Transvaalse sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Afrika (die destydse “Swart” kerk) vergader in Mamelodi, die groot woonbuurt oos van Pretoria. Ek was destyds ’n afgevaardigde na die sinode namens my gemeente in Swaziland. Die rassespanning, selfs onder hierdie groep gelowiges, was voelbaar en in sommige gevalle het dit in baie sterk-bewoorde beskuldigings tot uiting gekom.

Elke oggend is daar geopen met Bybelstudie. David Bosch is gevra om die Bybelstudie te lei. Op ’n wyse wat as niks minder as ’n wonderwerk bestempel kan word nie, het hy daarin geslaag om die spanning te verlig. Een van die afgevaardigdes, Pieter Moatse, was berug vir sy bitsige tong teenoor die handjievol witmense wat die sinode bygewoon het. Ironies genoeg word hy toe gevra om op die laaste dag vir David te bedank. Ek het my asem opgehou, want ek het verwag dat hy weer kwetsende opmerkings sou maak oor die Bybelstudie. Sy eerste woorde was min of meer die volgende: ‘Ek het nooit gedink dat die dag sal aanbreek wat ek vir ’n witmens dankie sal sê. Prof Bosch, ek wil u bedank vir die wyse waarop u die Bybelstudie gelei het en ons gehelp het om mekaar beter te verstaan. Ek glo nie enige ander persoon sou in staat gewees het om te doen wat u hierdie week gedoen het nie.’

Ek het die laaste dag vir David gaan vra of ek ’n kopie van die Bybelstudie kan kry. Hy het ingestem om dit beskikbaar te stel. Die res van hierdie dokument bevat die volledige Bybelstudies wat hy oor ’n tydperk van ses dae gelei het.

Teen 1988 was Bosch reeds besig met die skryf van *Transforming Mission* waarin hoofstuk drie volledig afgestaan is aan Lukas en Handelinge. Hierdie Bybelstudies is gebaseer op sy navorsing wat hy vir hierdie boek gedoen het en stel die leser, wat nog nie die volledige werk gelees het nie, in staat om in Afrikaans toegang te kry tot Bosch se denke rondom Lukas se beskrywing van Jesus se werk en die implikasies daarvan vir Suid-Afrika in 1988, maar seer sekerlik ook vir vandag.

Ek wil graag vir Annemie Bosch bedank wat vir my toestemming gegee het om hierdie dokument na ’n elektroniese formaat te omskep, juis met die doel dat dit gratis aan die breër kerklike publiek beskikbaar gestel sal word. Dit was vir my ’n voorreg om hierdie taak te voltooi. Mag dit vir elkeen wat dit lees opnuut weer help om na ons medemens te kyk, ongeag wie hulle is, met die oë van Jesus.

Daar is groot moeite gedoen om te verseker dat die dokument geen spelfoute het nie. Indien ’n fout egter wél deurgeglip het, sal ek dit waardeer as jy my sal laat weet sodat dit reggemaak kan word.

Arnau van Wyngaard
Piet Retief, April 2014
wyngaard@lando.co.za

This work is licensed under a *Creative Commons Attribution 4.0 International License*
You are free to share, copy and redistribute the material in any medium or format

VOORWOORD

Dit was my voorreg om gedurende die Noord-Transvaalse Streeksinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika gedurende September 1988 elke dag vir ’n uur lank Bybelstudie met die sinodegangers te hou. Die belangstelling was bemoedigend en die reaksie elke dag lewendig. Daar is dan ook die begeerte uitgespreek om die teks van die Bybelstudies in druk beskikbaar te stel. Aan hierdie versoek voldoen ek graag.

Die Bybelstudies handel oor die relevansie van Lukas se twee boeke, die Evangelie van Lukas en die Boek Handelinge, vir ons situasie vandag, veral binne die “familie” van Nederduitse Gereformeerde Kerke. Die boekie bevat uiteraard slegs een persoon se perspektief op die tema. As dit vir ander ook iets beteken, sal ek vanselfsprekend baie dankbaar wees.

David J. Bosch
Pretoria, Oktober 1988

TWEE BOEKE VIR ONS TYD

(Lukas 1:1–4; 24:46–53; Handelinge 1:1–8; 28:30–31)

Gedurende die week wat ons Sinode hou, wil ek graag saam met u ’n paar temas uit die Evangelie volgens Lukas en die boek Handelinge van naderby bekyk. My doel is om langs hierdie weg nuwe perspektiewe op ons bediening te probeer open. Ek wil veral graag onder meer in die lig van die feit dat ons vanjaar as familie van Nederduitse Gereformeerde Kerke Sendingjaar vier – aandag gee aan perspektiewe wat Lukas ons op ons verantwoordelikheid ten opsigte van hierdie belangrike saak kan gee, en hoe ons ons taak vandag sou kon verstaan.

By hierdie eerste geleentheid gaan ek slegs enkele inleidende opmerkings maak. Ek doen dit in die oortuiging dat Lukas geleef het in omstandighede wat in baie opsigte ooreenkomste met ons eie omstandighede vertoon en dat hy aan ’n kerk geskryf het wat in talle opsigte met ons eie kerklike situasie ooreenkom.

Lukas het sy tweedelige werk – die evangelie en die boek Handelinge – waarskynlik gedurende die tagtiger jare van die eerste eeu geskryf, dit wil se min of meer 1900 jaar gelede. Meer as ’n halfeeu het intussen verloop sedert daardie geweldige gebeurtenisse rondom die jaar 30 toe Jesus geleef en gewerk het, uiteindelik gekruisig is en toe uit die dood opgestaan het. Kort na Jesus se opstanding en hemelvaart is die Heilige Gees uitgestort en is die Christelike kerk gestig.

Vier Joodse bewegings

Die kerk het as ’n Joodse godsdienstige beweging begin. Maar met verloop van tyd het die Jodedom self ’n ingrypende verandering ondergaan. In die tyd van Jesus was daar ten minste vier groot Joodse groepe, elkeen met sy eie politiek en sy eie teologie.

Eerstens was daar die Fariseërs, wat besonderlik op die onderhouding van die Wet klem gelê het en eindelose reekse gebooie en reëls aan die Wet toegevoeg het. Hulle het geglo dat as die Jode net getrou sou bly in godsdienstige sake, alles uiteindelik sou regkom. Godsdiens en politiek moet nie gemeng word nie, het die Fariseërs gesê, en gelowige mense hou hulleself weg van enige politiek. Ons sou kon sê dat hulle die Piëtiste van die eerste eeu was.

Tweedens was daar die Sadduseërs, wat teologies eintlik meer konserwatief as die Fariseërs was (hulle het byvoorbeeld net die vyf boeke van Moses aanvaar en nie in die opstanding uit die dood geglo nie). Op politieke gebied was hulle egter meer akkommoderend as die Fariseërs. Hulle het in baie opsigte met die Romeinse owerhede saamgewerk. Hulle was die leiers op politieke gebied en het geweet dat dit dwaas sou wees om die magtige Romeinse Ryk teen te staan. Hulle het erken dat daar dikwels onreg gepleeg is, maar hulle wou graag oorleef en ongestoord met hulle werk voortgaan. Dus het hulle kompromieë aangegaan in die oortuiging dat die Romeinse regering hulle dan groter vryheid in hulle eie sake sou gee. Hulle was dus pragmatiese mense wat hulle seile na die wind gedraai het.

Derdens was daar die sogenaamde Esseners, wat hulle in die tyd van Jesus reeds in hoofsaak uit die openbare lewe onttrek het en in grotte in die woestyn gaan woon het. Hulle het

verkondig dat die grootste meerderheid van die Jode saam met die heidene in God se oordeel sou omkom; daarom wou hulle hulself nie besoedel deur met sulke onreine mense, Jode of heidene, te meng nie. Hulle het geglo dat hulle alleen gered sou word, maar dan net as hulle hulself volkome van die ander afsonder en in die woestyn lewe. Hulle het hulle dus heeltemal uit die samelewing onttrek; hulle was die askete van die eerste eeu.

In die vierde plek was daar die Selote. Hulle was vurige Joodse nasionaliste en het geglo dat God aan die Jode die oorwinning oor hulle vyande sou gee. In hierdie opsig het hulle met die Fariseërs saamgestem. Maar waar die Fariseërs gesê het dat God self op sy eie tyd die vyande van die Jode sou uitdelg, het die Selote geglo dat hulle self ’n bydrae tot Israel se verlossing moes lewer. Hulle het daarom deelgeneem aan opstande teen die Romeine; net waar die geleentheid hom voorgedoen het, het hulle Romeinse soldate om die lewe gebring. Hulle het geglo dat God net dié mense help wat hulleself help; dus kon hulle nie maar net sit en wag totdat God hulle vyande verdryf nie: hulle moes hand bysit. Die Romeine verstaan net een taal – die taal van geweld. Dus doen hulle met die Romeine dieselfde as wat die Romeine met hulle gedoen het. Hulle het byvoorbeeld ook geweier om belasting aan die owerheid te betaal en selfs om ’n muntstuk te gebruik waarop Romeinse afbeeldings was. Ons sou kon sê dat hulle ’n teologie van die revolusie voorgestaan het.

Dit is opvallend dat Jesus nie by een van hierdie vier groepe aangesluit het nie: nie by die streng skeiding tussen godsdiens en politiek van die Fariseërs nie; nie by die ondersteuning van die politieke status quo soos die Sadduseërs nie, nie by die onttrekking aan die openbare lewe soos die Esseners nie, en nie by ’n gewapende opstand teen die Romeine soos die Selote nie. Jesus het ’n vyfde weg gevolg, wat op beslissende punte van die ander vier afgewyk het. In die loop van die volgende paar dae sal ek probeer om iets van hierdie vyfde weg aan u voor te hou, ten minste soos die evangelis Lukas dit verstaan en beskryf het.

Spanning in die vroeë kerk

Na die eerste Pinksterdag het die groepie dissipels aanvanklik vinnig gegroei. Maar die eerste mense wat hulleself agter Jesus geskaar het, was uitsluitlik Jode, en wel Jode wat nie hulle band met die Joodse volk en godsdiens verbreek het nie. Soos ander godsdienstige Jode het hulle gereeld die tempel en die sinagoges besoek. Hulle het in Jerusalem gebly en eintlik net na Jode uitgereik. Daar was ’n groot huiwering om die boodskap van Jesus aan heidene te verkondig, of selfs om heidene in die gemeente toe te laat. Waar heidene egter wel tot bekering gekom het, is hulle in die eerste jare almal gedwing om besny te word en om die Joodse seremoniële wet te onderhou.

Bowendien was daar spanning tussen die Arameessprekende en Griekssprekende Joodse Christene. Die Arameessprekende Christene was baie meer konserwatief as daardie Joodse Christene wat Grieks as huistaal gehad het; hulle het dan ook daarop aangedring dat die klein Christelike beweging ’n baie duidelike Joodse karakter moes behou. Die Griekssprekende Joodse Christene, daarteenoor, was die eerstes wat begryp het dat die koms van Jesus en die heil wat Hy verkondig het, beteken het dat die Joodse wet nie so belangrik was as wat die Jode – ook die Joodse Christene – gemeen het nie. Hulle het nie meer so gereeld tempel toe gegaan

nie, dog veel meer klem op die byeenkomste van die volgelinge van Jesus gelê. Hulle was ook die eerstes wat heidene in die gemeente opgeneem het sonder om hulle te besny. Hierdie houding het hulle in groot onguns by die Joodse volk gebring – selfs ook by die Arameessprekende Joodse Christene. Dit het trouens selfs tot vervolgings gelei. Om die waarheid te sê, die eerste Christelike martelaar het uit hierdie groep van Griekssprekende Joodse Christene gekom: Stefanus, van wie ons in Handelinge 6 en 7 lees.

Een van die vurigste vervolgers van hierdie Griekssprekende Joodse Christene was Saulus van Tarsus, die man wat na Damaskus gestuur is om daar Joodse Christene te gaan vervolg maar toe op die pad na Damaskus op ’n dramatiese wyse tot bekering gekom het en die naam Paulus gekry het. Trouens, hierdie Paulus het die grootste Christelike sendeling van die eerste eeu (en miskien van alle tye) geword. Binne enkele jare is Christelike gemeentes feitlik dwarsdeur die Romeinse Ryk gestig.

Intussen het die pad vir die Jode wat nie Christene geword het nie, al meer afdraand geloop. Die Sadduseërs het al meer in onguns geraak omdat hulle nie radikaal genoeg was nie en beskou was as politieke opportuniste en verraaiers van die Joodse saak. Hulle het die volk se vertroue verloor en mettertyd van die toneel verdwyn. Daarteenoor het die party van die Selote al sterker geword en veral in die vroeë sestiger jare van die eerste eeu geweldig baie invloed in Jerusalem en omgewing uitgeoefen. Die spanning tussen die Joodse vryheidsvegters en die Romeinse owerheid het uiteindelik breekpunt bereik. In die jaar 66 het die Romeinse owerhede ’n swaar troepemag gestuur om die Jode eens en vir altyd te onderdruk. Dit het gelei tot ’n vier jaar lange oorlog en uiteindelik tot ’n verskriklike neerlaag vir die Jode en die feitlik totale vernietiging van die stad Jerusalem in die jaar 70 n.C. Dit het ook die einde van die party van die Selote beteken. Die Esseense gemeenskappe in die Woestyn van Judea het ook by die opstand aangesluit en is, net soos die Selote, feitlik geheel en al uitgewis. Op die berg Masada het ’n groep van hulle vir ’n ongelooflike lang tyd uitgehou en uiteindelik ’n verskriklike dood gesterf.

Slegs die Fariseërs het die krisis oorleef en daarin geslaag om na die oorlog te hergroepeer. Die geheim van hulle oorlewing het gedeeltelik daarin gelê dat hulle nie – soos die Sadduseërs – van die tempel afhanklik was nie. Hulle magsbasis was die sinagoges, en dié was wydverspreid in die Joodse land en daarbuite. Die meeste sinagoges het die Joodse Oorlog oorlewe. Die Fariseërs het in die periode ná die oorlog nog meer konserwatief geword. Hulle het geoordeel dat die voortbestaan van die Joodse volk en godsdiens nou volledig van hulle afhanklik was en hulle sou alles in hulle vermoë doen om dit te verseker. Dit kon alleen gebeur – so het hulle geglo – indien die Jode (onder die leiding van die Fariseërs) hulleself volledig van vreemde invloede afsonder.

Dit het ook daartoe gelei dat die Fariseërs hulle van die jong Christelike beweging gedistansieer het. Aanvanklik – dit wil sê voor die Joodse Oorlog van 66 tot 70 n.C. – het die meeste bekeerlinge uit die geledere van die Fariseërs gekom. Die feit dat die Christene, net soos die Fariseërs, in die opstanding uit die dood geglo het, was ’n natuurlike aanknopingspunt vir die evangelie. By ’n paar geleenthede, toe Paulus in ’n konflik met die Jode betrokke geraak het,

het hy hom beroep op die feit dat hy ’n Fariseër is. Uit die sinagoges het baie bekeerlinge gekom; in sommige gevalle het selfs die leiers van sinagoges Christene geword (soos Krispus, die hoof van die sinagoge in Korinte – vergelyk Handelinge 18:8). Die Sadduseërs, aan die ander kant, het die opstanding verwerp en uit die hoogte neergesien op die Christene; baie min van hulle het Christene geword. Vir die Selote was die Christene te pasifisties, en vir die Esseners te wêreldlik. Dus was dit veral die Farisese groepe wat die voedingsbodem van die kerk was. Na die oorlog het die Fariseërs egter ’n toenemend vyandige houding teenoor die Christelike kerk ingeneem. Al meer beperkings is gelê op Jode wat sowel Christene as lede van die sinagoges was. Hierdie hele ontwikkeling het uitgeloop op ’n reeks besluite wat in ongeveer die jaar 85 n.C. tydens ’n vergadering van Fariseërs by hulle nuwe sentrum in Jamnia geneem is. Een van hierdie besluite het daarop neergekom dat Christene vervloek is en uit die gemeenskap van die sinagoges uitgesluit is. Voortaan kon niemand meer tegelyk egte, volbloed Jood en Christen wees nie.

Lukas: skrywer vir ’n kerk in krisis

Dit was in hierdie tyd en in hierdie klimaat dat Lukas besluit het om sy twee boeke – die Evangelie en Handelinge – te skryf. Beter as enigeen van sy tydgenote het hy besef dat die Christelike kerk in ’n geweldige krisis verkeer het. Die deure na die Jode was feitlik geheel-en-al gesluit en daar het vir alle praktiese doeleindes geen bekeringe meer uit die Jodedom plaasgevind nie. Kerk en sinagoge was in twee vyandige kampe verdeel. Die Christelike beweging het ’n beweging van heidene, dit wil sê van nie-Jode geword.

Dog ook in hierdie opsig het dinge nie meer so goed gelyk in die tyd toe Lukas sy boeke geskryf het nie. Bekeringe uit die heidendom het ook al minder en minder voorgekom. ’n Kwarteeu tevore het die dinamiese apostel Paulus die Romeinse Ryk deurkruis en oral gemeentes gestig. Binne ongeveer vyftien jaar – vanaf die jaar 48 n.C. tot ongeveer 63 n.C. – het Christelike gemeentes soos paddastoele opgespring en teen ’n verbasende tempo gegroei. Maar nou is ons in die tagtiger jare en ’n mate van stagnasie het ingetree. Die kerk was nou ’n kerk van die tweede geslag en het al die karaktertrekke openbaar van ’n beweging wat die vuur en ywer van die eerste geslag verloor het. Die volle toewyding van die eerste Christene was nie meer merkbaar nie. Die kerk het ’n instituut geword, ’n ingewikkelde organisasie met allerlei probleme. Dit was moeilik om geskikte en toegewyde ouderlinge en diakens te kry. Daar was al meer gevalle van Christene wat in die heidendom teruggeval het. Daar was twiste tussen Christene oor geloofsake en oor wat die regte Christelike optrede in hierdie en daardie omstandighede behoort te wees. Die wederkoms van Christus, wat in die eerste periode so vuriglik verwag was, het nie plaasgevind nie. Van binne was daar ’n kwynende entoesiasme, van buite vyandigheid en teenstand van die kant van Jode en die Romeinse owerheid.

Boonop het Christene uit die heidendom ’n identiteitskrisis beleef. Hulle het hulleself begin vra: ‘wie is ons nou eintlik? Wat is ons verbintenis met ons Joodse oorsprong, veral in die lig van die duidelike vyandigheid en verwerping van die kant van die Jodedom? Is die Christendom ’n nuwe godsdiens, of is dit ’n voortsetting van die geloof van die Ou Testament? En bo alles: wat is ons verhouding met Jesus van Nasaret, wat al verder in die verlede vervaag? Daar is

feitlik niemand meer onder ons wat Hom nog geken het nie. Boonop het Jesus in ’n totaal ander tyd gelewe. En die verhale wat van Hom vertel word, klink al meer vreemd en onwerklik vir ons wat hier in die tagtiger jare van die eerste eeu leef, meer as vyftig jaar na Jesus se aardse bediening.’

Die vrae van daardie Christene was vrae oor hulle verlede, hulle hede, en hulle toekoms. ‘Waar kom ons eintlik vandaan? Wie is ons, in onderskeiding van Jode en heidene? En waarheen is ons op pad? In een woord: Het die Christelike kerk ’n toekoms?’

Dit was hierdie vrae – uitgesproke en onuitgesproke – wat Lukas in sy gemeenskap opgevang het en wou probeer beantwoord. Hy het Markus se evangelie geken en ook gebruik, maar hy het aangevoel dat hyself in ’n ander periode as Markus lewe en dat dit nie meer voldoende is om Jesus se woorde en dade net eenvoudig op Markus se manier oor te vertel nie. Daar het so baie gebeur in die afgelope vyftig jaar, en ’n mens kan nie maak of alles nog is soos dit in die jaar 30 n.C. was nie. Dit was nie meer moontlik om op presies dieselfde manier as destyds ’n dissipel van Jesus te wees nie. Die gebeure van ’n halwe eeu het meegebring dat die verhaal van Jesus nuut oorvertel en geïnterpreteer moet word, en wel vir mense wat vandag lewe.

Lukas het op ’n besondere wyse daarin geslaag om te bereik wat hy wou bereik. Terwyl hy die verhaal van Jesus vertel, kon sy lesers en hoorders agterkom dat hulle nie werklik in ’n slegter posisie was as Jesus se eerste dissipels wat hom persoonlik geken het nie. Immers, die opgestane Jesus is steeds met ons, veral deur sy Gees wat ons elke dag na nuwe avonture lei. Lukas vertel daarom die verhaal van die twee dissipels op pad na Emmaus. En hierdie verhaal wil sê dat dit ons eie skuld is as ons Jesus nie op ons weg van elke dag raaksien nie, dat die afwesigheid van die aardse Jesus nie beteken dat Jesus ons alleen gelaat het nie. Hy bly in ons midde; deur sy woord, deur sy Naam, en deur sy krag word die verlede in die hede ingedra. Dit gebeur veral waar Jesus gehoorsaam en as Heer aanvaar word, en waar die gemeenskap die leiding van die Gees volg en by sending betrokke raak. Lukas vertel ons daarom dat die twee dissipels nie neerslagtig was toe Jesus verdwyn het nie; vervul met blydskap het hulle na Jerusalem teruggegaan en van Jesus se opstanding getuig.

Hier lê die basiese rede waarom Lukas nie net een boek skryf nie, maar twee. Hy wou daarmee sê dat die geskiedenis van die kerk nie van die geskiedenis van Jesus losgemaak kan word nie. Die tweede boek begin waar die eerste een opgehou het: by die hemelvaart, waar Jesus van die dissipels weggaan terwyl Hy hulle seën, waarmee gesê word dat Hy voortgaan om hulle te seën ook nadat Hy van hulle opgeneem is. Die einde van die evangelie en die begin van Handelinge is op nog twee ander maniere aan mekaar vasgeknoop: by albei geleenthede word die Heilige Gees aan die gelowiges belowe, en by albei geleenthede word hulle op ’n sending in die wêreld in gestuur. Dit is eintlik jammer dat in ons Bybels die Evangelie van Johannes tussen Lukas en Handelinge ingeskuif is. Daarmee is die eenheid van Lukas se twee boeke verbreek en kom ons nie dadelik agter hoedat hulle eintlik direk na mekaar gelees behoort te word nie. In die Evangelie verloop Jesus se bediening in drie fases: in Galilea (4:14–9:50), sy reis tussen Galilea en Jerusalem (9:51–19:40), en dan die gebeure in Jerusalem (19:41 tot die einde van die evangelie). In Handelinge verloop die sendingbediening van die kerk ook in drie fases, soos

aangedui in Handelinge 1:8, '... julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld'. Die eerste paar hoofstukke vertel dan die verhaal van die geboorte en groei van die kerk in Jerusalem; die tweede deel skilder die uitbreiding van die kerk in Samaria en die kusgebiede tot dit Antiogië bereik; die derde deel vertel van die uitbreiding van die kerk buite die gebiede rondom die Joodse land en eindig by Paulus sê aankoms in Rome.

En terwyl Lukas die verhaal van Jesus en van die vroeë kerk vertel, is daar sekere temas wat oor en oor herhaal word: die werk van die Heilige Gees, die belangrikheid van bekering en vergewing, van liefde, van die aanvaarding van vyande, van geregtigheid in die samelewing, van bewoënheid met die arme en verdrukte. Veral in die Evangelie word 'n groot klem op die armes geplaas, vir wie Jesus groot deernis geopenbaar het. Maar afgesien van die armes was daar die vroue, die tollenaars, en die Samaritane. Al hierdie groepe mense was mense wat op die rand van die Joodse samelewing geleef het, wat nie aanvaar was nie, teen wie daar erg gediskrimineer was. En tog het Jesus hulle almal na hom toe getrek en hulle aanvaar.

Parallelle met ons eie situasie?

As ons in die volgende dae sinode hou en ons kerklike werksaamhede bespreek; as ons elke dag die Lukasevangelie en Handelinge oopslaan en Lukas se beskrywing van Jesus se bediening en die geskiedenis van die vroeë kerk bestudeer, laat ons dan ook, soos Lukas se eerste lesers, probeer vra wat Jesus se koms en bediening vir ons vandag beteken. Ek het 'n vermoede dat ons sal ontdek dat daar baie ooreenkomste is tussen toe en nou.

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika toon baie parallelle met die kerk van Lukas se tyd. Ons is ook nie meer 'n kerk van die eerste geslag nie. Daar was 'n tyd, in die beginjare van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika, toe alles nog nuut en vars was, toe mense van buite af die kerk ingestroom het, toe daar 'n opvallende ywer en toewyding was; 'n tyd toe ons 'eerste liefde' nog duidelik sigbaar was, toe nie-Christene kon opmerk dat daar 'n groot verskil tussen hulle en die Christene was; 'n tyd toe daar groot eensgesindheid tussen Christene was.

Baie van daardie eerste liefde en eerste ywer het skynbaar verdwyn. Daar is baie min buitestaanders wat deur ons nader getrek word na Christus en die kerk toe. Daar vind min uitbreiding plaas. Trouens, ons verloor party van ons lidmate. Daar is ook 'n identiteitskrisis in die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika, net soos wat daar in die kerk van Lukas se tyd was: ons kerk het deur die werk van die blanke Nederduitse Gereformeerde Kerk tot stand gekom, maar dit lyk partykeer asof ons sogenaamde 'moederkerk' net so vreemd en ver van ons af staan as wat die Jode van die vroeë Christelike kerk af gestaan het. En ons vra onsself: 'wie is ons nou eintlik? Wat presies is ons band met die (blanke) Nederduitse Gereformeerde Kerk, wat vir ons 'n vreemdeling geword het en ons dikwels op 'n afstand hou? Na die jaar 85 kon Joodse Christene nie meer die sinagoges besoek nie, al het hulle hul oorsprong in die sinagoges gehad; kan ons, swart Christene van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika, die eredienste van ons 'moeder', die blanke Nederduitse Gereformeerde Kerk, besoek, of is ons daar net so onwelkom as wat die eerste eeu se Christene in die Joodse sinagoges was? En wat van ons eie godsdienstige en kulturele verlede, die tradisies van ons eie voorvaders hier in

Afrika? Watter plek het hulle in die gemeente van Jesus Christus? Moet ons hulle sonder meer verwerp as ons Christene word, of kan ons ons verlede – ons tradisionele godsdiens, kultuur en tradisies – saam met ons in die kerk in neem? Wie is ons eintlik, swart Christene van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika? Is dit nie so dat ons vervreemd is na alle kante toe nie: vervreemd ten opsigte van ons eie kulturele en godsdienstige verlede, vervreemd ook van die kerk deur wie ons Christene geword het?'

Maar die vrae gaan nog dieper. As ons saam met Lukas terugkyk na die lewe en bediening van Jesus, as ons probeer vasstel hoe Jesus se verhouding teenoor die vier godsdienstige en politieke groepe van sy dag was, moet ons dan nie erken dat ons met dieselfde groepe in ons midde sit nie, dat ons ook heen en weer geslinger word tussen verskillende modelle en ideologieë?

Is daar onder ons nie ook Fariseërs nie, dit wil sê mense wat glo dat ons alles met wette en reëls kan regmaak, dat God ons op die ou end sal help en red as ons net al sy wette gehoorsaam en streng volgens allerlei voorskrifte lewe, dat ons in die wêreld moet wees, maar soveel as moontlik probeer om onsself vry te hou van allerlei maatskaplike en politieke strominge?

Of is party van ons miskien Sadduseërs, dit wil sê mense wat met die stelsel probeer saamwerk, die 'collaborators', wat glo dat ons die beste van 'n slegte saak moet probeer maak, wat sê: 'If you can't beat them, join them', wat probeer om die dinge wat in die samelewing verkeerd is, van binne reg te maak deur hand aan hand te loop met die 'powers that be', wat reken dat dit op die ou end tot almal se voordeel sal wees as ons maar vir die huidige ons oë toemaak en onsself tevrede stel met die krummels wat van die heersers se tafels afval?

'n Derde groep onder ons is miskien Esseners, dit wil sê mense wat hulle heeltemal uit die samelewing onttrek, wat selfs verder gaan as die Fariseërs, wat in ons eie heilige en afgesonderde kringetjie probeer lewe, wat glo dat op die ou end net ons gered sal word, en wat dus ons oë op die wolke hou vanwaar ons Jesus met sy wederkoms verwag.

Of behoort ons dalk tot die vierde groep, die Selote, wat al ons geduld verloor het, wat rondom ons net onreg en verdrukking raaksien, wat nie langer kan wag tot God miskien eendag besluit om iets aan ons saak te doen, wat dus self die verantwoordelikheid op ons neem om die wêreld se probleme op te los, die onderdrukkers te straf, die onreg uit die weg te ruim, en die verdruktes te red?

Behoort almal van ons nie op een of ander manier aan een van hierdie vier groepe nie? En is baie van die misverstand en onenigheid in ons geledere nie daaraan te wyte dat ons mekaar veroordeel omdat die ander nie my siening deel en nie aan my groep behoort nie? Is elkeen van ons nie gedurig besig om die ander te veroordeel of te oorreed om by my groep en my siening aan te sluit nie?

As dit so is, dan het Lukas miskien raad vir ons. Hy gaan sy raad nie op 'n simplistiese wyse aan ons gee nie. Hy gaan byvoorbeeld nie Jesus se model sommer maar net as 'n vyfde model, as 'n vyfde moontlikheid naas die ander vier stel nie. Hy gaan eerder vir ons probeer laat verstaan

dat Jesus se model kwalitatief anders is as die ander vier; dat daardie vier in werklikheid baie nader aan mekaar is as wat hulle dink, dat hulle almal op dieselfde vlak beweeg. Jesus se model, daarenteen, beweeg op ’n totaal ander vlak, dit kan nie werklik met die ander vier vergelyk word nie. Dit is ook nie ’n model wat ons uit ons eie krag kan kies nadat ons al die moontlikhede teen mekaar opgeweeg het nie.

Lukas beantwoord die vrae van die Christene van sy tyd deur op ’n vars manier die verhaal van Jesus aan hulle oor te vertel. Hy doen dit veral deur Jesus se hele verhaal en bediening saam te vat in die wyse waarop hy in hoofstuk vier van sy evangelie vertel van Jesus se eerste openbare optrede, in die sinagoge van sy tuisdorp, Nasaret. Dit is hierdie vertelling wat die uitgangspunt van ons Bybelstudie gedurende die volgende klompie dae sal wees.

GOEIE NUUS VIR ARMES … ÉN RYKES
(Lukas 4:14–21)

Jesus in Nasaret

Al drie die eerste evangelies vertel van Jesus se optrede in die sinagoge van sy tuisdorp, Nasaret. Lukas gee egter ’n baie groter prominensie aan hierdie verhaal as Markus en Matteus. Om die waarheid te sê, die manier waarop Lukas hierdie gebeurtenis beskryf en die plek wat hy daaraan gee, wys duidelik dat hierdie verhaal vir hom die totale program van Jesus se koms in ’n neutedop saamvat. Al die temas wat elders in sy evangelie en in die boek Handelinge aan die orde kom, word in hierdie een verhaal saamgeknoop en vervleg. As ons wil weet hoe Lukas Jesus se koms en die betekenis daarvan vir sy eie tyd verstaan het, dan moet ons by hierdie verhaal begin.

In hoofstuk een en twee beskryf Lukas die gebeurtenisse wat die geboorte van Jesus vooraf gegaan het, die geboorte self, asook enkele verhale uit die kinderdae van Jesus. In hoofstuk drie volg die verhaal van Johannes die Doper, gevolg deur die doop en geslagsregister van Jesus. Hoofstuk vier begin met die versoeking van Jesus in die woestyn. Tot in hierdie stadium is daar nog geen berig oor die openbare werksaamheid van Jesus nie. Afgesien van die gesprek wat die twaalfjarige Jesus in die tempel met die skrifgeleerdes gevoer het, hoor ons tot in hierdie stadium nog net van dinge wat met Jesus gebeur, niks oor sy eie bediening nie. Dit volg eers in hoofstuk vier, na die versoeking in die woestyn. Heel in die algemeen begin Lukas met die berig dat Jesus in die sinagoges geleer het, maar sonder dat ons enigiets hoor van wat Hy gesê het (4:15). Uit die evangelies van Markus en Matteus (Markus 1:15; Matteus 4:17) weet ons dat die kern van Jesus se eerste prediking saamgevat kon word in die woorde:

> Die tyd het aangebreek, en die koninkryk van God het naby gekom. Bekeer julle en glo die evangelie.

Ons kan aanneem dat Lukas ook bedoel het dat dit die inhoud van Jesus se eerste prediking in die sinagoges van Galilea was. Hy sê dit egter nie uitdruklik nie, want hy ‘bêre’ as’t ware die inhoud van die eerste prediking van Jesus vir die sinagoge in sy tuisdorp, Nasaret.

Hy vertel dat, na sy versoeking, Jesus ‘vol van die krag van die Gees’ na Galilea teruggegaan het. So kom die Geesvervulde Jesus toe ook in Nasaret aan. Op die Sabbat gaan hy na die sinagoge; die boek van die profeet Jesaja word aan Hom gegee, Hy slaan oop by Jesaja 61 en begin lees by ’n gedeelte wat juis praat van vervulling met die Gees:

> Die Gees van die Here is op my omdat hy my gesalf het om die evangelie aan armes te verkondig.

Die armes in Israel

Jesus se heel eerste woorde in die openbaar het oor die armes gegaan. En in die Palestina van destyds was daar baie armes. Die Romeine het die Joodse land in die jaar 63 v C verower en by die uitgestrekte Romeinse Ryk ingelyf. In daardie tyd was die meeste plattelandse Jode kleinboere, of ‘peasants’, wat die land gemeenskaplik besit het – min of meer net soos

tradisionele Afrika was voor die koms van die blankes. Groot-grondbesitters was feitlik onbekend. Die Romeine het egter geleidelik ’n nuwe stelsel ingevoer. Die een landgoed of groot plaas na die ander is gevestig en het uitgebrei ten koste van die kleinboere en gemeenskaplike besit. Die eintlike eienaar van die grond was nou die Romeinse owerheid. Vir die Jode was dit ’n traumatiese ontwikkeling. Hulle het die land van God ontvang, as ’n ewige erfenis; dit was ’n heilige land. Maar nou het die Romeine dit vir hulleself toegeëien. Om die nuwe beleid te vestig en om geld vir die ambisieuse programme van die Romeine te vind, het die owerheid besluit om belastings te hef. Daarvoor was ’n sensus of volkstelling nodig. Die sensus het in twee stadiums verloop. In die eerste stadium moes al die inwoners van die land geregistreer word; in die tweede stadium het dit gegaan om die insameling van belasting. Dit was tydens die eerste stadium – so vertel Lukas ons – dat Jesus in Betlehem gebore is.

Een van die gevolge van die nuwe administrasie was dat die kleinboere hulleself nie meer kon handhaaf nie; meer en meer van hulle is mettertyd gedwing om as arbeiders op die groot plase te gaan werk. Hulle is die ‘dagloners’ van wie ons so dikwels in die evangelies lees. Die standaardloon van so ’n arbeider was ’n silwer-denarius per dag – skaars genoeg om ’n klein familie min of meer op die broodlyn te laat bestaan. As so ’n arbeider ’n paar dae lank nie werk kon vind nie, was sy familie sonder kos. Dit is teen hierdie agtergrond dat ons die vierde bede van die Onse Vader moet verstaan: ‘Gee ons vandag ons daaglikse brood’ (meer korrek: ‘Gee ons vandag ons brood vir hierdie dag’). Dit is die gebed van mense wat van oomblik tot oomblik in onsekerheid lewe. Dit is ’n gebed om oorlewing.

Dit is teen hierdie agtergrond dat Jesus – volgens Lukas – sy openbare bediening begin met die versekering dat Hy gekom het om goeie nuus vir die armes te bring. Om die waarheid te sê, reg van die begin van die evangelie af wys Lukas sy lesers op verskillende maniere na die armes. In die loflied van Maria lees ons (Lukas 1:53):

> … behoeftiges het Hy (God) oorlaai met goeie gawes en rykes met leë hande weggestuur.

Dieselfde tema kom op talle plekke in sy evangelie voor; dit word trouens soos ’n refrein herhaal. Ek wys op ’n paar voorbeelde wat almal net by Lukas voorkom – ’n aanduiding van die belangrikheid van hierdie tema vir Lukas.

Lukas is byvoorbeeld die enigste evangelis wat vertel hoe belangrik die armes al in Johannes die Doper se bediening was. As die mense diep geraak word deur Johannes se prediking en vir hom vra wat hulle behoort te doen, antwoord hy (3:11):

> Wie twee kledingstukke het, moet dit deel met iemand wat nie het nie, en wie kos het, moet dieselfde doen.

Vir die tollenaars wat na hom toe kom, sê hy (3:13):

> Moenie meer invorder as wat vir julle vasgestel is nie.

En vir die soldate sê hy (3:14):

> Moet van niemand deur geweld of valse aanklag geld afpers nie, maar wees tevrede met julle betaling.

Johannes die Doper beskryf bekering dus in konkrete ekonomiese terme: as ons erns wil maak

met ons bekering, sal ons iets aan die nood van ons medemens doen.

Net so opvallend is Lukas se weergawe van die saligsprekinge (6:20–22). Waar Jesus volgens Matteus in die algemeen praat van die wat arm van gees is en van die wat dors na geregtigheid, praat Jesus by Lukas veel meer konkreet en direk:

> Geseënd is julle wat arm is, want aan julle behoort die koninkryk van God. Geseënd is julle wat nou honger het, want julle sal versadig word. Geseënd is julle wat nou huil, want julle sal lag.

Daar kan dus geen twyfel daaroor bestaan nie dat soos Lukas Jesus se boodskap verstaan het, dit gegaan het om mense wat werklik arm en sonder heenkome was. Natuurlik het dit nie beteken dat die armes salig gespreek word net omdat hulle arm is nie. Die Hebreeuse woord vir 'arme' het verwys na iemand wat finansieel arm was en – miskien juis daarom – bewus was van sy of haar afhanklikheid van God. Die begrip 'armes' is 'n soort versamelbegrip vir almal wat op een of ander manier aan die skaduweekant van die lewe staan. Ons moet die armes dus nie te gou vergeestelik nie. Dit gaan vir Lukas om mense wat werklik aan die kortste ent trek. Net hy vertel vir ons die gelykenis van die ryk man en Lasarus. En in hierdie gelykenis is Lasarus tegelyk konkreet arm en fisies siek; maar hy is ook vroom, hy is die sinnebeeld van iemand wat weet dat net God hom kan help.

… en die rykes

En wat van die rykes? Met die eerste oogopslag lyk dit asof Lukas baie negatief oor hulle oordeel. 'Ryk' is 'n omvattende term, net soos 'arm'. Die rykes is in die eerste plek dié wat gierig is, wat die armes uitbuit, wat so behep is met geld maak dat hulle hulself nie eens gun om 'n uitnodiging na 'n fees aan te neem nie (Lukas14:18–19), wat nie die Lasarus by hulle poort raaksien nie (16:20), wat 'n lewe van sinlike genot voer en tog deur sorge oor daardie selfde rykdomme en genietinge verteer word (8:14). Hulle is slawe van Mammon en ook Mammon se aanbidders.

Maar rykdom het nie net met die ekonomiese lewe te doen nie. Lukas sê byvoorbeeld van die Fariseërs dat hulle 'baie lief vir geld' was (16:14). Dit beteken nie noodwendig dat die Fariseërs ryk was nie (oor die algemeen was hulle nie), maar dat hulle lewe 'n verkeerde oriëntering gebad het. Hulle het, soos die Fariseër in die gelykenis van die Fariseër en die tollenaar (18:9–14 – net Lukas vertel hierdie gelykenis), op hulleself vertrou en op ander neergesien (18:9). Rykes is dus mense wat arrogant is. Hulle is veral ook mense wat hulle nie aan God steur nie, wat net vir hulleself skatte vergader en 'nie ryk is by God nie' (12:21). Deur hulle gierigheid, hooghartigheid, uitbuiting van die armes en goddeloosheid het hulle hulleself buite die bereik van God se genade geplaas. Hulle is net geïnteresseerd in wat hulle uit die lewe kan kry. Dit is teen hierdie agtergrond dat ons die veroordelings van die rykes deur Jesus, wat direk op die saligsprekinge volg, moet verstaan (6:24–25):

> Maar ellende wag vir julle wat ryk is, want julle het julle lekker lewe al weg. Ellende wag vir julle wat julle nou vol eet, want julle sal honger ly. Ellende wag vir julle wat nou lag, want julle sal treur en huil...

Dit is dieselfde motief wat ons reeds in Maria se loflied gekry het en ook in die gelykenis van die ryk man en Lasarus: die motief van omkering, van die kontras tussen huidige genot en

toekomstige rampspoed. Die rykes – nie slegs oor hulle rykdom nie, maar ook oor die manier waarop hulle hul gedra het – het hulle porsie geluk reeds opgebruik en daarmee hulle hoop op geluk in die toekoms verbeur.

Dit is teen hierdie algemene agtergrond dat ons Lukas se weergawe van Jesus se preek in Nasaret moet probeer verstaan. Kom ons kyk weer na die verse uit Jesaja wat Jesus in die sinagoge lees (4:18–19):

> Die Gees van die Here is op My omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan armes te verkondig. Hy het My gestuur om vrylating vir gevangenes uit te roep en herstel van gesig vir blindes, om onderdruktes in vryheid uit te stuur, om die genadejaar van die Here aan te kondig.

Die gevangenes, die blindes en die onderdruktes is almal saamgevat onder die term ‘die armes’; hulle is almal manifestasies van een of ander gebrek, almal het behoefte aan ‘goeie nuus’. Hierdie gedeelte is eintlik ’n samevoeging van twee gedeeltes uit Jesaja, die een in Jesaja 61, die ander in Jesaja 58. Trouens, die woorde ‘om onderdruktes in vryheid uit te stuur’ kom net in Jesaja 58 voor. En waaroor gaan dit in Jesaja 58? Hierdie hoofstuk verwys na die periode direk na die Babiloniese ballingskap. Die Jode moes belastings aan die Persiese koning betaal. Party van hulle was egter verskriklik verarm; om die geld vir die belastings te kry moes hulle dan hulle huise en wingerde verpand en in sommige gevalle selfs hulle kinders as slawe aan ryk mede-Jode verkoop. Die uitdrukking ‘onderdruktes’ of ‘verbryseldes’ in Jesaja 58 verwys na hierdie ‘skuldslawe’ wat in ’n uitsiglose situasie vasgevang was; hulle kon maak wat hulle wil, hulle het net al dieper in die skuld vasgeval. Die armoede het hulle aan die keel beetgehad en het hulle stadigaan dog meedoënloos verwurg.

Jubeljaar, genadejaar

Daar was eintlik net één manier waarop hulle uit die wurggreep van armoede sou kon ontsnap: as die Jubeljaar toegepas sou word. Volgens Levitikus 25:9–17 moes die volgende in die Jubeljaar gebeur: (1) almal moes hulle land terugkry wat hulle in die voorafgaande jare verloor het; (2)skulde moes kwytgeskeld word; (3) skuldslawe moes vrygestel word; (4) die land moes braak gelaat word; (5) ’n amnestie moes aan gevangenes toegestaan word. Die Jubeljaar was dus goeie nuus vir armes, slawe, mense met baie skuld, en ander slagoffers van die samelewing en van omstandighede. Die Jubeljaar was inderdaad ’n ‘genadejaar’.

Daar is geleerdes wat meen dat die begin van Jesus se openbare bediening saamgeval het met ’n Jubeljaar. Dit is moeilik om vas te stel in watter mate die Jubeljaar (of die Sabbatjaar) in hierdie tyd nog gevier was. Die Joodse historikus, Josefus, verwys wel verskeie kere daarna, dus was hierdie feesjare wel nog gevier, al was dit dan in ’n taamlik afgewaterde vorm. Seer sekerlik was dit moeilik vir die Jode om die Jubeljaar voluit te vier in die tyd van die Romeinse oorheersing: die Jubeljaar veronderstel immers die samewerking en bystand van die owerheid. Die Jode moes hulleself dus maar tevrede stel met ’n flou en byna betekenislose Jubeljaar. Maar nou kom Jesus, en hy lees uit Jesaja 61, ’n teks wat in daardie tyd verband gehou het met die Groot Versoendag en met die begin van die Jubeljaar. Jesus praat dus van die Jubeljaar in klassieke terme, van die Jubeljaar soos dit oorspronklik ingestel en bedoel was, en Hy knoop dit vas aan die armes vir wie Hy ‘goeie nuus’, dit wil sê ‘evangelie’, bring. Die belangrikheid van die

oomblik word nog verder beklemtoon deurdat Jesus, nadat Hy hierdie gedeelte gelees het, vir ’n oomblik gaan sit het en toe gesê het: ‘Vandag is hierdie Skrifwoord, wat julle nou net gehoor het, vervul’ (Lukas 4:21). Sy luisteraars kon nie twyfel nie: Jesus wou sê dat ’n totaal nuwe ding sou gebeur, dat die armes en verdruktes se verlossing voor die deur gestaan het.

Presies hoe het Jesus gemeen dat dit sou gebeur? As ons hierdie teks in die hele verband van Lukas se evangelie lees, dan lyk dit of Jesus bedoel het dat die armes en verdruktes verlossing sou ontvang deurdat die rykes en magtiges ’n hartsverandering ondergaan en hulle hande na die armes uitsteek. Met die hulp van ’n verskeidenheid van gelykenisse, verhale en instruksies word hierdie saak beklemtoon. Soms gebeur dit deurdat twee verskillende reaksies naas mekaar gestel word. Een so ’n voorbeeld is die verhaal van die ryk jongman (18:18–30) en dié van die tollenaar Saggeus (19:1–10). Dit is net Lukas wat van Saggeus vertel en dit lyk asof hy hom bewustelik teenoor die ryk jongman stel. Die ryk jongman, voorbeeldig en vroom, ’n getroue onderhouer van die wet, sien nie kans om sy besittings te verkoop en vir die armes te gee nie. Saggeus daarenteen – tollenaar, volksverraaier, iemand wat ver buite die wet lewe – onderneem (sonder dat Jesus hom vra om dit te doen) om die helfte van sy besittings vir die armes te gee en die mense wat hy afgepers het, vierdubbel te vergoed. Trouens, Saggeus is die enigste ryk persoon in die evangelie van wie ons hoor dat hy sy lewenstyl verander het. Die ryk jongman het dit nie gedoen nie, ook nie die ryk man by wie se poort Lasarus gelê het nie (16:19–31) en ook nie die ryk dwaas nie (12:13–21). Die kontras tussen Saggeus en die ryk jongman het ’n parallel in die boek Handelinge: net soos Saggeus het Barnabas al sy besittings verkoop ter wille van die armes; net soos die ryk jongman het Ananias en Saffira probeer om die eise van die evangelie te omseil.

’n Evangelie vir armes én rykes

Dit het in die afgelope jare mode geword om Lukas die ‘evangelis vir die armes’ te noem. In die lig van die voorbeelde wat ek sopas genoem het, sou ons met ewe veel reg van Lukas kon praat as die ‘evangelis vir die rykes’. Op verskillende maniere verwys Lukas na die roeping van die rykes. Lukas se weergawe (in hoofstuk 6:30–35a) van Jesus se woorde verskil byvoorbeeld in sekere opsigte ingrypend van die parallelle gedeelte in Matteus 5:42–47:

> Aan elkeen wat iets vra, moet jy gee; en as iemand jou goed vat, moet jy dit nie terugeis nie. Behandel ander mense soos julle self behandel wil word. As julle net dié liefhet wat vir julle liefhet, watter aanspraak op dank het julle dan nog? Ook die sondaars het net dié lief wat vir hulle liefhet. En as julle goed doen net aan dié wat aan julle goed doen, watter aanspraak op dank het julle dan nog? Die sondaars maak maar net so. En as julle geld leen net aan dié van wie julle hoop om dit terug te kry, watter aanspraak op dank het julle dan nog? Sondaars leen ook aan sondaars, solank hulle maar dieselfde bedrag kan terugkry. Nee, sonder om iets terug te verwag, moet julle julle vyande liefhê en goed doen en uitleen.

Hierdie hele gedeelte is deurtrek met verwysings na wat die gedrag van rykes teenoor armes behoort te wees. Wat veral opvallend is, is dat Matteus se algemene opmerkings oor liefde teenoor die vyand hier baie spesifiek gemaak word: om jou vyand lief te hê, beteken om vir hom of haar geld te leen sonder om dit terug te eis! Die sosiale etiek van die tyd het bepaal dat rykes net ander rykes na hulle feeste uitnooi, met die doel om self weer uitgenooi te word. Presies dít verwerp Jesus (Lukas 14:12): dit is die soort gedrag wat mens van sondaars sou

verwag, wat net liefhet dié wat hulle liefhet, wat net geld uitleen indien die terugbetaling daarvan gewaarborg is. Jesus se volgelinge, aan die ander kant, is mense wat ander help sonder om dieselfde terug te verwag. ’n Baie praktiese voorbeeld is die van die gelykenis van die barmhartige Samaritaan (weer eens ’n gelykenis wat net by Lukas voorkom): die Samaritaan help die man wat onder die rowers verval het sonder om eers te gaan sit en uitwerk wat dit hom mag kos, sonder om te vra of die man hom sal kan terugbetaal; hy sien nood raak en steek ’n helpende hand uit, spontaan, sonder om die konsekwensies te bereken, selfs al is die man ’n lid van die Joodse volk en dus ’n vyand van die Samaritane.

In sekere teologiese kringe vandag is daar die neiging om die evangelie alleenlik in ekonomiese en sosiale kategorieë te sien: die armes is klaar gered, net omdat hulle arm is; die rykes sal slegs gered word as hulle van hulle rykdom afstand doen en dit aan die armes uitdeel. Gedurende die volgende dae sal ek probeer aandui dat hierdie siening ’n skewe beeld gee van wat Lukas probeer sê. En tog moet ons erken dat elke teologiese verdraaiing ’n element van waarheid besit. En vandag wil ek op hierdie element van waarheid konsentreer: God se bewoënheid met die armes, of, soos dit in die afgelope jare bekend geword het: ‘God’s preferential option for the poor’. En as ons Lukas se evangelie noukeurig lees, kan ons nie twyfel nie: in die konteks van die eerste Christene kon verlossing en geloof in Christus in geen omstandighede losgemaak word van hulp aan hulle wat die slagoffers van die samelewing en van omstandighede geword het nie. Hulle wat Jesus volg, kon die omstandighede en nood van hulle medemense nie vir een oomblik ignoreer nie. In Nasaret begin Jesus nie met ’n ‘suiwer geestelike’ boodskap wat net oor die individu se verhouding met God handel nie; nee, Hy vestig sy luisteraars se aandag op die konkrete nood van die armes, blindes, onderdruktes, gevangenes. Hy gee uitdrukking aan ‘God’s preferential option for the poor’, nie net met woorde nie, maar met sy hele lewe en bediening. Hy voed die wat honger het, genees die siekes, bemoedig die eensames, steek sy hand uit na die verstotenes, en help die klein mensies om regop te staan en hulle koppe op te lig want hulle weet nou dat hulle kosbaar is in God se oë.

Wat het Jesus se ‘preferential option for the poor and the oppressed’ vir ons vandag te sê? Lukas het die Jesusverhaal só probeer skryf dat dit vir die lesers van sy tyd, vyftig jaar later, betekenis gehad het. Ons moet dieselfde doen; ons moet Jesus se woorde as’t ware ‘vertaal’ sodat dit sin sal maak vir die mense van ons tyd, 1950 jaar later. So iets is nie maklik nie en daar is sekerlik ruimte vir verskillende interpretasies en beklemtoninge. Tog lyk dit my dat, indien ons op een of ander wyse getrou wil bly aan Jesus se opdrag en voorbeeld, ons ernstig sal moet probeer worstel met die vraag wat ‘goeie nuus vir die armes’ in ons eie tyd mag beteken – ook al kom ons nie almal tot presies dieselfde antwoord nie.

Die armes vandag

Die oorgrote meerderheid van ons wat vandag hier saam is, of ons nou Wit is of Swart, behoort tot die bevoorregte minderheid in ons land. En ons het almal allerlei teologiese en sielkundige verdedigingsmeganismes opgebou wat ons in staat stel om dinge te sê soos: Jesus was meer geïnteresseerd in die korrekte houding teenoor rykdom as teenoor rykdom self. Of: ek is nou

wel beter af as baie armes, maar as ek sien hoeveel rykdom ander mense besit, hoef ek regtig nie skuldig te voel nie. Of: Ek het hard gewerk vir elke sent wat ek besit, en die arbeider is tog sy loon werd. Daar is twee probleme met hierdie soort redenasie. Eerstens gee dit vrye teuels aan die bevoorregte mense se onversadigbare begeerte om hulle eie sosiale en ekonomiese posisie al verder en verder te verbeter en om ’n lewenstyl na te jaag waarin etiese waardes soos selfopoffering, selfbeheersing en solidariteit met ander al meer op die agtergrond gestoot word. Tweedens kan hierdie soort redenasie maklik ons oë sluit vir die feit dat ons in ons land te make het met strukture wat sekere mense vir geslagte lank arm gehou het of dit ten minste vir hulle bitter moeilik gemaak het om ekonomies vooruit te gaan. Ons het dus ’n samelewing wat grondig onregverdig is. En selfs nadat dit struktureel reggestel is, sal baie gedoen moet word om restitusie te doen vir die onreg van die verlede en om langs die weg van spesiale pogings en programme groepe wat in die verlede benadeel is, ’n kans te gee om ten minste ’n gedeelte van die agterstand in te haal. Dit lê myns insiens op die weg van die kerk van Jesus Christus om die selfsugtige lewenstyl van baie mense, Swart en Wit, aan te spreek, om die onreg in die ekonomiese strukture te identifiseer, en om mense voor te berei vir ’n beleid van regstelling, van restitusie, van die inhaal van agterstande.

Ons roeping strek egter wyer as die grense van Suid-Afrika. Danksy die moderne kommunikasiemedia kan ons vandag weet wat in feitlik elke uithoek van die wêreld gebeur en hoedat rykdom in een deel van die wêreld tot armoede in ’n ander deel van die wêreld kan lei. En ons weet vandag dat, wêreldwyd, die rykes al ryker word en die armes al armer. Reeds in 1982 – ses jaar gelede – is bereken dat daar elke dag 40 000 mense aan wanvoeding en verwante oorsake sterf. Waar die gesamentlike skuld van die ontwikkelende lande in 1970 slegs $70 biljoen beloop het, het hierdie bedrag tien jaar later reeds op $500 biljoen te staan gekom. Vandag is daardie syfer nog baie hoër. Hiermee saam gaan ’n ander probleem: dié van die uitputting van die wêreld se hulpbronne. Terwyl die bevolking van die Verenigde State van Amerika slegs 5% van die totale wêreldbevolking uitmaak, verbruik hulle 40% van die wêreld se hulpbronne. Dit het nie slegs tot gevolg dat daar minder oor is vir die ander 95% van die wêreldbevolking nie, maar ook dat hierdie hulpbronne al duurder word en dus nie deur die armer mense bekostig kan word nie. Ongunstige handelsverhoudinge tussen die ryk en arm lande vererger die situasie nog verder. Ek noem slegs een voorbeeld: in 1954 kon Brasiliane ’n Amerikaanse Jeep koop vir die prys van 14 sakke koffiebone. In 1968 het so ’n Jeep nie minder nie as 45 sakke koffiebone gekos. En so sou ons kon voortgaan. ’n Verontrustende maar tog baie insiggewende boek oor hierdie onderwerp is Ronald J. Sider se *Rich Christians in an age of hunger*, ’n boek wat ek baie hartlik wil aanbeveel.

Ons is dit veral aan Lukas te danke dat ons vandag iets weet van Jesus se ontferming oor die armes. Hy sê nêrens dat Jesus gesê het dat die armes sondeloos is nie. Jesus se oproep tot bekering is nie net tot die rykes gerig nie, maar tot almal. Net soos die rykes geestelik arm kan wees, kan die armes ook geestelik arm wees. Armoede is nie ’n kwalifikasie vir redding nie. En tog pleit Jesus volgens Lukas se evangelie dat die rykes nie agter hierdie waarheid moet skuil nie. Hulle moet nie die feit dat armes ook sondaars is, as verskoning gebruik om niks aan die nood van armes te doen nie. Dit is eerder so dat hy vir die rykes daarop wil wys dat hulle in ten

minste één opsig ’n baie besondere probleem het: rykes kan só verknog raak aan hulle besittings, dat hulle nie alleen hulle naaste vergeet nie, maar ook God. Dit was byvoorbeeld die geval met die ryk dwaas, wat sy skure wou afbreek en groter bou om meer graan te kon stoor sodat hy vir die res van sy lewe kon eet, drink en lekker lewe. Maar in daardie nag het God sy lewe van hom opgeëis, en Jesus se kommentaar is: ‘So gaan dit met hom wat vir homself skatte vergader en nie ryk is by God nie’ (12:13–21). Dit is die ontsettende gevaar van die ryke: dat hy God en sy naaste vergeet, dat hy as gevolg daarvan ’nie ryk is by God nie’. Dieselfde het gegeld van die ryk man wat Lasarus nie by sy poorte raakgesien het nie en uiteindelik in die verdoemenis beland het: sy rykdom het hom blind gemaak vir ander en vir God, al het hy ‘Moses en die profete’ gehad (16:19–31).

Dus wil Jesus sê: al is dit so dat armoede nie ’n kwalifikasie vir verlossing is nie, kan dit wel gebeur dat rykdom ’n diskwalifikasie word. Dit is onmoontlik om God en Mammon te dien. Of soos Jesus in die verduideliking van die gelykenis van die saaier sê (8:14):

> Die saad wat tussen die onkruid val, dui op die wat die woord hoor, maar deur die sorge en die rykdom en die genietinge van die lewe word dit gaandeweg verstik, en dit skiet nie saad nie.

Vir mense wat in hierdie strikke vasgevang is, wys Jesus – soos Lukas hom aan ons voorhou – ’n weg uit die doodloopstraat waarin ons is. Dit kan gebeur dat ons – soos Saggeus of Barnabas – deur God daartoe beweeg word om ons lewenstyl te verander, om weg te kyk van onsself af, en om die nood van ander raak te sien.

DIE WRAAK WEGGENEEM!
(Lukas 4:16–24)

’n Gemeenteseun preek!

Ons keer terug na Jesus se eerste preek in Nasaret. As ons die verloop van die gebeure noukeurig bekyk, is daar iets vreemds, iets raaiselagtigs, in die verhaal. In die eerste deel van die verhaal verloop alles positief. Dit is baie duidelik dat Jesus in sy tuisgemeente verwelkom word. Die berigte oor wat hy in ander dele van Galilea gedoen het, het ook Nasaret bereik en die dorpsmense is trots op die seun van die timmerman wat voor hulle oë grootgeword het. Hy het hulle dorpie op die kaart geplaas, en almal val oor hulle voete om vriendelik teenoor hom te wees. Toe hy op die sabbatdag, ‘soos sy gewoonte was’, die sinagoge besoek, is dit vanselfsprekend dat die gemeenteseun vandag sou preek. Sonder protes van enigiemand word die Jesajarol vir hom gegee om te lees en ’n paar woorde van lering daaroor te sê.

Lukas haal dan die hele skrifgedeelte aan wat Jesus gelees het, en vervolg:

> Nadat hy die boek toegemaak en aan die amptenaar teruggegee het, het hy gaan sit. Die oë van almal in die sinagoge was op hom gerig.

Die hele verhaal vertel vir ons van spannende afwagting. Die mense kan skaars wag dat hy begin preek. Jy kan ’n speld hoor val! Ten minste, dit is die normale betekenis van die uitdrukking dat almal se oë op hom gevestig was. Toe hy sy preek begin met die woorde: ‘Vandag is hierdie Skrifwoord wat julle nou net gehoor het, vervul’, het die spanning en verwagting byna breekpunt bereik. Hier kom vandag iets, dis duidelik!

Van die inhoud van Jesus se preek vertel Lukas ons verder niks. Al wat hy ons vertel, is iets van die reaksie van die mense op die preek, in die volgende vers (21):

> Almal het hulle instemming met hom betuig en was verwonderd oor die aangename woorde uit sy mond. En hulle sê: ‘Is dit dan nie die seun van Josef nie?’

Maar dan, in die volgende vers (23), lyk dit asof alles skeefloop. Jesus sê dat hulle hom seker die spreekwoord ‘Geneesheer, genees jouself’ sal wil toeslinger en dat ’n profeet nooit in die plek waar hy grootgeword het, aanvaar word nie. Verder verwys Hy na die verhaal van Elia en die heidense weduwee van Sarfat, en na die Siriër, Naäman, wat deur Elisa gesond gemaak is. Teen hierdie tyd is die hele gemeente woedend. Hulle spring op, jaag Hom uit die sinagoge en probeer Hom by ’n krans afstamp.

Daar is dus – ten minste so lyk dit – ’n groot verskil tussen die gedeelte in Lukas 4:16–22 en die daaropvolgende gedeelte in Lukas 4:23–30. Die leser kan nie help om te wonder nie: wat is dit wat maak dat die mense in die sinagoge se bewondering vir Jesus so vinnig omslaan in haat en moorddadigheid?

Die gemeente se verwagtings

Miskien sal ons nader aan ’n oplossing vir hierdie probleem kom as ons gaan kyk hoe die gedeeltes wat Jesus uit Jesaja gelees het (uit Jesaja 61) deur die Jode van Jesus se tyd gelees en verstaan is. Om daarop lig te werp, keer ek vir ’n oomblik terug na die eerste twee hoofstukke van Lukas: die verhale in verband met die aankondiging en geboorte van Jesus. Hierdie gedeeltes bevat ’n oorvloed van verwysings na die verlossing van Israel. In haar loflied sing Maria onder meer (1:51–52, 54–55):

> Kragtige dade het (God) met sy arm verrig; hoogmoediges in hulle eiewaan het Hy uitmekaargejaag; maghebbers het Hy van trone afgeruk en geringes verhoog... Sy dienaar Israel het Hy te hulp gekom deur te dink aan sy beloftes van ontferming soos Hy dit toegesê het aan ons voorvaders, aan Abraham en sy nageslag tot in ewigheid.

In dieselfde trant sing Sagaria (1:68–71):

> Lofwaardig is die Here, die God van Israel, want Hy het sy volk in genade opgesoek en vir hulle verlossing bewerk. ’n Sterk Verlosser het Hy vir ons laat opstaan uit die huis van sy dienaar Dawid. So het die Here dit reeds van oudsher belowe..: om ons te verlos van ons vyande en uit die hand van al ons haters...

’n Amerikaanse teoloog, Josephine Ford, verwys na al hierdie tekste en praat van die ‘revolusionêre Messianisme van die eerste Kersfees’. Sy som die getuienis op deur daarop te wys dat Gabriël, die engel wat aan Sagaria en Maria verskyn, die oorlogsengel is. Die name Jesus (Hebreeus: Joshua), Johannes en Simeon, is name wat onder die Makkabeërs voorgekom het, dit wil sê onder ’n vroeëre geslag van Joodse vryheidsvegters. Die skaapwagters by Betlehem word deur ’n hemelse leër begroet. As die baba Jesus na die tempel gebring word, word hy deur Simeon en Anna begroet, wat albei waarskynlik ’n politieke Messias verwag het.

Josephine Ford meen dat die prentjie wat Lukas ons met hierdie verhale voorhou, ’n baie korrekte weerspieëling van die Joodse Messiasverwagtings van die tyd is. Palestina was tydens die begin van die eerste eeu ‘’n siedende kookpot’; alles is nog verder op die spits gedryf deurdat Jesus se geboorte saamgeval het met die eerste rondte van die Romeinse sensus – ’n stap wat die Jode met magtelose woede begroet het. Uit Gamaliël se toespraak voor die Joodse Raad weet ons dat Judas die Galileër, in die tyd van die sensus, ’n opstand teen die Romeine gelei het en daarin geslaag het om ’n groot deel van die volk agter hom te verenig (Handelinge 5:37). Galilea was vol van revolusionêres en apokaliptiese profete, en Nasaret was geen uitsondering nie.

As ons nou teen hierdie agtergrond na Jesus se optrede in Nasaret kyk en na die feit dat hy uit Jesaja 61 gelees het, ontwikkel ’n baie interessante prentjie. Wat het Jesus se gehoor verwag Hy sou sê nadat Hy hierdie gedeelte gelees het?

Jesaja 61 is oorspronklik geskryf vir die Jode wat uit die Babiloniese ballingskap teruggekeer het, vir mense wat ‘oor Sion getreur het’ (Jesaja 61:3), verslae omdat hulle hul vryheid verloor het en omdat hulle land verwoes is. Maar juis aan hierdie gewese gevangenes en ballinge belowe die profeet nou ’n totale verandering van hulle huidige ellendige omstandighede. Israel sal herstel word, sê die profeet, want die Here sal die treurige hede omskep in ’n permanente Jubeljaar. Boonop sal hulle hul magtige onderdrukkers oorwin. Die profeet belowe hulle dus, in

die Naam van die Here, nie alleen ‘’n jaar van die welbehae van die Here’ (dit wil sê ’n Jubeljaar) nie, maar ook ‘’n dag van die wraak van onse God’ (Jesaja 61:2 – ou vertaling). Die profeet kyk vooruit na ’n dag wanneer vreemdelinge die Jode sal dien (Jesaja 61:5–7) en nie andersom nie, soos die geval in daardie tyd was.

Watter sentimente sou hierdie woorde uit Jesaja 61 by Jesus se gehoor laat ontstaan het? Daar kan weinig twyfel bestaan: hulle sou dit op dieselfde manier verstaan het as die Jode vir wie dit oorspronklik geskryf was. Die enigste verskil is: in Jesus se tyd, sou hulle gedink het aan bevryding van die juk van die Romeine, nie van die juk van die Babiloniërs nie.

Ons moet op nog ’n ander ontwikkeling wys. Ongeveer in die tyd van Jesus se aardse lewe is ’n teks geskryf wat geleerdes in ons tyd die naam van 11QMelchizedek gegee het en wat deur die Esseners gebruik is. Daarin word profesieë oor die Jubeljaar taamlik ingrypend verander. Die klem val nou nie meer soveel op God se genade nie maar eerder op sy wraak op Israel se vyande. Een van God se ‘agente’ by die aanbreek van die Jubeljaar sal Melgisedek wees, deur wie God die slagting van die goddeloses – veral Israel se vyande – sou bewerkstellig.

Toe Jesus dus in die sinagoge van Nasaret begin het om uit Jesaja 61 te lees, het die gemeente waarskynlik verwag dat hy die wraak van God oor hulle vyande, die Romeine, sou aankondig en dat God se verdelging van die Romeine die eerste stap in die aanbreek van die Jubeljaar sou wees. Dit verklaar miskien die aanvanklik positiewe reaksie op Jesus se optrede: ‘Die oë van almal in die sinagoge was op hom gevestig’ – in afwagting van ’n preek met ’n ‘revolusionêre’ strekking. En miskien is hierdie verwagting nog verder verhoog deur die openingswoorde van Jesus se preek: ‘vandag is hierdie Skrifwoord wat julle nou net gehoor het, vervul’.

Maar waar is God se wraak dan?

Dit is egter net so moontlik dat die oë wat op hom gevestig was, oë vol suspisie was! Volgens Lukas het Jesus net tot by die eerste deel van Jesaja 61:2 gelees, dit wil sê tot by die woorde ‘... en om die genadejaar van die Here aan te kondig’. Die volgende woorde in Jesaja 61 is ‘... en die dag van die wraak van onse God’. Maar hierdie woorde lees Jesus nie. Dit is nog meer merkwaardig as ons in gedagte hou dat, ooreenkomstig die sogenaamde ‘parallelisme’ in die Hebreeuse poësie, hierdie woorde volledig by die vorige sin hoort en eintlik daarmee saam moet gelees word: in die Hebreeuse teks is die woorde ‘die dag van die wraak van ons God’ die ander helfte van die woorde ‘die genadejaar van die Here’; die een sonder die ander is onvolledig. Tog lees Jesus hierdie tweede deel nie, teen alle reëls in. Hy lees ook nie die res van Jesaja 61 nie, waar die aanstaande oorwinning van Israel oor sy vyande in helder kleure geskilder word.

Wat Jesus dus in werklikheid hier doen, is om alle uitsprake in Jesaja wat van wraak oor Israel se vyande praat, weg te laat. En die gemeente wonder: ‘Wat voer Hy in die mou? Wat is Hy van plan om te doen? Hoekom laat Hy die gedeelte oor wraak weg? Stel Hy miskien voor dat daar geen plek meer vir vergelding is nie?’

Dit lyk inderdaad asof ons ‘Ja’ op hierdie laaste vraag moet antwoord. Terwyl die Melgisedek-dokument sowel as feitlik die hele Jodedom van daardie tyd geoordeel het dat God se

verlossing slegs vir die Jode bedoel was, herinner Jesus sy gehoor daaraan dat God op ’n keer genadig was teenoor ’n heidense weduwee in Sarfat en teenoor ’n vername Siriese staatsamptenaar, Naäman. Hy gaan verder en suggereer dat dit weer kan gebeur, dat God weer, soos destyds, by die Jode kan verbygaan en hom oor heidene ontferm. Vir sy gehoor is dit te veel: hulle probeer hom gryp en doodmaak. In die tyd van Jesus het elke prediker wat Jesaja 61 in die sinagoge gelees het, dit net gedoen om by die teks oor wraak uit te kom en daaroor te preek. Hoe kan Jesus dit ignoreer?

Dit is hierdie toedrag van sake wat ’n hele paar teoloë genoodsaak het om weer ’n keer baie noukeurig te gaan kyk na Lukas se beskrywing van Jesus se optrede in Nasaret, om vas te stel of hier in die teks self nie dalk ’n sleutel sit wat ons sal help om die hele gebeurtenis beter te verstaan nie. Hierdie teoloë het veral weer gaan kyk na vers 22, wat die Afrikaanse Bybel soos volg vertaal:

> Almal het hulle instemming met Hom betuig en was verwonderd oor die aangename woorde uit sy mond.

Dit is nie die tyd of plek om die Griekse teks noukeurig te probeer ontleed nie. Sonder om in enige besonderhede in te gaan, wil ek net sê dat, as ons die Griekse teks goed bekyk, en veral in gedagte hou dat agter die Griekse teks ’n Aramese oorlewering sit (want Aramees was die Jode se omgangstaal in daardie tyd), dan is dit moontlik om vers 22 heeltemal anders te vertaal. Die werkwoord ‘betuig’ of ‘getuig’ in die eerste deel van vers 22 (Grieks: *martyrein*) kan beteken om getuienis af te lê vír iemand of téén iemand. In plaas van te vertaal: ‘Hulle het almal hulle instemming met hom betuig’ kan ons dus ook vertaal: ‘Hulle het almal teen hom getuig’ of ‘teen hom geprotesteer’. Die volgende werkwoord, ‘om verwonder te wees’ (*thaumazein*) kan ook óf positief óf negatief vertaal word; met ander woorde dit kan verwys na óf verwondering óf skok. En dan is daar die laaste gedeelte van die sin (‘aangename woorde’ in die Afrikaanse vertaling), waar daar letterlik staan, in die Grieks, ‘woorde van genade’. As ons hierdie inligting nou alles bymekaar bring, dan is dit moontlik om vers 22 soos volg te vertaal:

> Hulle het almal eenparig geprotesteer en was geskok dat Jesus (net) woorde van genade verkondig.

Nou maak die hele verhaal skielik sin. Jesus het gelees tot net voor die woorde oor wraak; Hy het opgehou by die woorde wat oor God se genade en oor die genadejaar handel. Die gehoor kyk Hom stip aan, vol wantroue. Waarom het Hy dit gedoen? En waaroor gaan sy preek handel? Hulle hoef nie lank te raai nie. Die res van Jesus se preek verskaf die antwoord. Die gehoor se ergste vrese is bewaarheid. Hulle protesteer nou soos een man en is ontsteld oor die feit dat Jesus net oor genade praat en Jesaja se woorde oor die wraak van God oor Israel se vyande weglaat.

Van hier verloop die verhaal logies. Vanweë die negatiewe reaksie van die gehoor, vervolg Jesus in die volgende vers met die verwysing na die spreekwoord ‘Geneesheer, genees jouself’ en na die feit dat ’n profeet nooit in sy tuisdorp vereer word nie.

Hierdie opmerkings moet veral gesien word teen die agtergrond van die opmerking wat ek heel aan die begin gemaak het, naamlik dat die Nasaretverhaal vir Lukas dié verhaal is waarin hy sy hele evangelie soos in ’n neutedop saamvat. En as ons dit eers raakgesien het, sal ons sien

hoedat die tema wat ek hier aangedui het – naamlik dat Jesus gekom het om wraak en haat weg te neem – oor en oor in die res van sy evangelie voorkom.

In hoofstuk 7:18–19 vertel Lukas dan dat Johannes die Doper twee van sy volgelinge na Jesus stuur met die vraag: 'Is U die Een wat sou kom, of moet ons 'n ander een verwag?' Jesus antwoord ook hier met 'n aanhaling uit die Ou Testament (vers 22–23):

> Gaan vertel vir Johannes wat julle gesien en gehoor het: blindes sien, lammes loop, melaatses word gereinig, dowes hoor, dooies word opgewek, aan armes word die evangelie verkondig. En gelukkig is die man wat nie aan My begin twyfel nie.

Hierdie woorde is, net soos die teks wat Lukas in hoofstuk 4 aangehaal het, 'n samestelling van verskillende tekste uit die Ou Testament. In hierdie geval het ons kort gedeeltes uit drie hoofstukke in Jesaja: Jesaja 35, 29 en 61, in hierdie volgorde. Wat opvallend is, is dat al drie daardie hoofstukke, onmiddellik aansluitende by die gedeeltes wat Jesus aanhaal, verwysings na goddelike wraak bevat. Maar weer eens, net soos in Nasaret, laat Jesus die verwysings na wraak weg! Dit kon beswaarlik toevallig gewees het, veral in die lig van die byvoeging: 'En gelukkig is elkeen wat nie aan my begin twyfel nie'. Met ander woorde: Salig is elkeen wat nie aanstoot neem nie aan die feit dat die tyd van verlossing verskil van dit wat hy of sy verwag het, dat God se genadige ontferming oor die armes en uitgestotenes en vreemdelinge – ja, selfs oor Israel se vyande – die goddelike wraak tersyde gestel het, uitgekanselleer het!

Hierdie standpunt van Jesus strook met die woorde van Jesus wat Lukas reeds in hoofstuk 6:27–36 aangehaal het. Ek kwoteer slegs die eerste twee verse daar:

> Julle moet julle vyande liefhê; doen goed aan die mense deur wie julle gehaat word; seën die mense deur wie julle vervloek word; bid vir die mense deur wie julle sleg behandel word.

Die daad by die woord

Jesus sê egter nie net dat die goddelike wraak nou weggeneem is nie. In sy eie bediening handel hy ook ooreenkomstig hierdie oortuiging, soos verskillende vertellinge in Lukas se evangelie illustreer. Om aan te dui dat Jesus hierdie boodskap nie net gepreek het nie, maar ook self toegepas het, verwys ek eers na 'n gedeelte wat 'n sleutelrol in Lukas se evangelie speel: Lukas 9:51–55. Dit is die plegtige berig oor die begin van Jesus se reis na Jerusalem en na die kruis. Die Samaritane weier om vir Hom en sy dissipels slaapplek te gee. Jakobus en Johannes is onmiddellik bitter kwaad en sê: 'Here, wil u hê dat ons vuur uit die hemel afroep om hulle te verteer?' Lukas vertel egter dat Jesus 'omgedraai en hulle skerp tereggewys' het – in sy bediening is daar geen ruimte vir wraak nie.

Voorbeelde van hierdie totale afwesigheid van enige wraakbegeertes by Jesus word veral talryk as ons by sy lydingsgeskiedenis kom. As Petrus, tydens Jesus se gevangeneming in Getsemane, die oor van die slaaf van die hoëpriester afkap, roep Jesus hom toe: 'Hou op daarmee!' Hy gaan nog verder en verrig sy laaste wonderdaad: Hy genees die slaaf se oor terwyl die soldate wag dat Hy moet klaarkry sodat hulle Hom in hegtenis kon neem. Dwarsdeur sy verhoor, veroordeling en teregstelling weerhou Jesus homself konsekwent van enige vorm van wraak of selfs van wraakgedagtes. Alles kulmineer in Jesus se gebed aan die kruis (wat net by Lukas

voorkom): ‘Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie!’ Hierdie gebed, tesame met Jesus se vergifniswoord aan die misdadiger aan die kruis (ook net by Lukas), wys ons dat Jesus, selfs in die oomblik dat Hy die gruweldood van ’n slaaf en misdadiger sterf, Homself nog steeds in liefde en vergifnis tot verstotelinge en vyande wend. Daarmee praktiseer Hy ’n etiek wat grondig verskil van die ideologie van sowel die onderdrukker as die onderdrukte. Vanaf die begin van sy openbare lewe tot op die oomblik van sy sterwe aan die kruis reik Hy uit na ander, wie hulle ook al mag wees. Sy eerste en sy laaste woorde handel oor vergifnis en genesing, nie oor wraak en verwoesting nie.

Dit is seker nie nodig om in besonderhede te probeer uitspel wat hierdie dimensie van Jesus se persoon en bediening vir ons in Suid-Afrika kan beteken nie. Lukas het sy evangelie meer as twintig jaar ná die Joodse Oorlog geskrywe. Hy het gesien hoedat wraak en haat mense totaal verteer het en hoe dit tot verskriklike dade gelei het. Hy het ook geweet: wraak en haatgedagtes was in sy eie tyd en in Jesus se tyd nie beperk tot die Jode nie. Ook die Romeine wat oor die Jode geregeer het, was vol van haat vir die Jode, veral oor hulle weiering om met die stelsel saam te werk en oor hulle grenslose hardkoppigheid. Bo alles het die Romeine die Selote gehaat: die mense met die kort dolke wat die Romeinse soldate in die nou gangetjies van die stede voorgelê en doodgesteek het. Die Romeine se haat was ten minste ten dele uit vrees gebore, vrees vir hierdie vreemde volk wat hulle nie kon makmaak en onderkry nie, vrees vir hierdie volkie wat die Romeinse Ryk meer ergernis besorg het as al die ander verowerde gebiede tesame.

Wraak en haat kom dus op uit onmag; die onmag van die onderdrukte wat geen hoop op bevryding het nie. Maar dit leef ook in die hart van die heerser wat vasklem aan sy voorregte en bang is dat hy hulle sal verloor. Haat spruit voort uit bitterheid en uit vrees. Die vreemde ding – so lyk dit my as ek na die geskiedenis kyk – is dat die onderdruktes soms makliker daarin slaag om die wraak en haat uit hulle sisteem te kry as die onderdrukkers. Om twee voorbeelde uit die onlangse geskiedenis te noem: Mahatma Ghandi en Martin Luther King. Die geheim van albei se benadering was dat hulle volledig afstand gedoen het van enige gedagte aan haat en wraak teenoor die mense wat hulle verontreg het. Hulle het op ’n merkwaardige en, menslik gesproke, onbegryplike wyse hulle onderdrukkers lief gehad en juis so die vrees en haat van die onderdrukker oorwin... met die ‘geweld’ van die liefde. Die heersers – in hierdie twee gevalle: die Britse regering en die Verenigde State van Amerika – het nie die inisiatief geneem nie; dit was nie hulle wat eerste die haat in hulle eie harte oorwin het nie. Nee, die haat is eers oorwin toe die onderdrukte sy liefde en vergewing aan die onderdrukker geskenk het.

Om afstand te doen van enige gedagtes aan wraak en haat beteken natuurlik nie dat mens niks moet doen nie. Sowel Ghandi as King het hulle beywer vir programme van geweldlose verset teen die stelsel, op ’n groot verskeidenheid van maniere. Daar is dus ’n fundamentele verskil tussen pasifisme (die weg van vrede en van die afwesigheid van wraak) en passivisme (om net stil te sit en niks te doen).

Wat van die situasie in ons eie Suid-Afrika? Ons land het ’n geskiedenis van honderde jare van oorheersing van swartmense deur blankes, van oorloë en ander gewelddadige botsings, van

haat, van wraak. In die afgelope klompie jare het ons ontdek wat dit aan ons mense gedoen het – Swart sowel as Wit. Ek hoef nie voorbeelde te noem nie – u weet almal waarvan ek praat. Lukas ontken nie dat mense die volste reg op wraakgedagtes mag hê nie. Maar uit die geskiedenis het hy geweet van die futiliteit en die selfvernietigende aard van haat en wraak. Nog belangriker: uit die bediening van Jesus het hy geweet daar is ’n alternatief!

Wat presies beteken Jesus se alternatief, sy weg van vrede, liefde en vergewing van die vyand, vir ons? Ons sal nie almal presies eenders op hierdie vraag antwoord nie. Maar ons sal ook nie hierdie vraag kan ignoreer nie. As ons onsself volgelinge van Jesus van Nasaret noem – die Nasaret waar Hy in sy heel eerste boodskap geweier het om die smeulende wraakgedagtes van sy luisteraars nog verder aan te blaas – dan sal ons op een of ander manier ’n antwoord moet vind wat strook met die weg wat Hy aangewys het.

BEKERING, VERGEWING, VERLOSSING
(Lukas 24:45–49; Handelinge 5:29–32)

Verdwyn die armes in Handelinge?

Ons het vantevore stilgestaan by Jesus se eerste woorde tydens sy eerste openbare optrede, volgens Lukas se evangelie:

> Die Gees van die Here is op My omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan armes te verkondig.

Ek het probeer aandui hoe belangrik die armes vir Lukas was en wat die roeping van rykes teenoor armes is. Sonder om enigsins iets weg te neem van die absolute sentraliteit van 'goeie nuus vir die armes' by Lukas, wil ek vandag wys op 'n eienaardige komplikasie wat ons in hierdie verband by Lukas het. Dit is naamlik opvallend dat die armes slegs in die evangelie voorkom, maar nie in die boek Handelinge nie. In nie een van die dosyn of meer preke en toesprake van Petrus, Stefanus, of Paulus in hierdie boek is daar enige verwysing na armes nie. Trouens, die woorde 'arm' of 'armes' kom glad nie in Handelinge voor nie. Die spoorlose verdwyning van die armes is nog meer merkwaardig as ons in gedagte hou dat die twee boeke min of meer direk na mekaar geskryf is en dat Lukas van die begin af beplan het om twee boeke te skryf.

In die lig hiervan kan mens nie help nie om te vra hoe dit is dat Lukas in sy evangelie soveel moeite gedoen het om uitsprake, vertellinge en gelykenisse van Jesus wat ons aandag op die armes vestig, op te teken, net om hierdie beklemtoning heeltemal te laat vaar as hy by Handelinge kom. As ons Lukas met Markus en Matteus vergelyk, besef ons dat Lukas se klem op die armes nie maar net iets toevalligs is nie maar op 'n bewuste keuse berus. Maar wat gebeur dan nou as hy by die skryf van Handelinge kom?

Miskien is daar twee antwoorde op hierdie vrae. Eerstens is dit so dat die woorde 'arm' en 'armes' in Handelinge ontbreek, maar die saak is tog daar. Ons lees byvoorbeeld van die feit dat die eerste Christene alles gemeenskaplik besit het, dat sommige van hulle hul eiendomme verkoop het en die geld in 'n gemeenskaplike fonds gestort het. Ons lees van Ananias en Saffira, wat die apostels op hierdie punt probeer bedrieg het. Ons lees ook van die feit dat die Christene in Judea rondom die jaar 50 n.C. in groot ekonomiese nood verkeer het, soveel so dat Paulus onderneem het om by die gemeentes in onder andere Korinte en Rome te gaan kollekteer vir die arm broeders en susters in Judea. Dus moet ons miskien aanvaar dat daar ná die veertigerjare net eenvoudig nie meer twee groepe Christene – party rykes en party armes– in Jerusalem en Judea was nie. Die Joodse Oorlog van 66 tot 70 n.C. het seker die bietjie rykdom wat daar nog was verder vernietig. Dit is dus moontlik dat dit in hierdie omstandighede nie so nodig was om op die verskil tussen ryk en arm en op die roeping van rykes ten opsigte van armes klem te lê nie – verskille wat in Jesus se tyd nog baie opvallend was.

Daar is egter miskien nog 'n tweede rede vir die afwesigheid van uitdruklike verwysings na armes in Handelinge. Die spesiale roeping teenoor armes in die evangelie het plek gemaak vir

die spesiale roeping teenoor heidene of buitestaanders in Handelinge. Op talle maniere word vertel hoedat die gelowiges se aandag deur die bediening van die Heilige Gees gevestig is op mense wat nog buite die kring van broeders en susters staan. Een navorser het nie minder nie as 29 gevalle in Handelinge aangeteken waar van hierdie toewending van gelowiges tot heidene en buitestaanders berig word. In werklikheid is dit dieselfde as die toewending tot armes in die evangelie: in beide gevalle gaan dit om mense in nood, in beide gevalle gaan dit om redding of verlossing van verlorenes en verstotenes.

Bekering en bevryding

Dit bring my dan by die tema vir vandag: verlossing, bekering en vergifnis volgens Lukas. Sonder enige twyfel is hierdie begrippe al drie sleutelterme in Lukas se geskrifte. Die woord vir verlossing of bevryding (*soteria* of *soterion* in Grieks) kom ses keer in Lukas se evangelie voor en ses keer in Handelinge. Daarteenoor gebruik Markus en Matteus dit glad nie. Lukas is ook die enigste van die eerste drie evangeliste wat Jesus 'Verlosser' noem (2:11; vergelyk Handelinge 5:31; 13:23).

Die woorde vir 'bekeer' en 'bekering' is ewe prominent by Lukas; hulle word dikwels gekoppel aan die terme 'sondaars' en 'vergewing'. Op verskillende plekke voeg Lukas hierdie woorde in waar die ander evangelies hulle nie het nie. Volgens Markus 2:17 sê Jesus byvoorbeeld: 'Ek het nie gekom om regverdiges te roep nie, maar sondaars'. Die parallelle teks in Lukas lui soos volg: 'Ek het nie gekom om regverdiges te roep nie, maar sondaars tot bekering'. Dieselfde soort boodskap word oor en oor herhaal in die sendingpreke wat Lukas in Handelinge opgeteken het. Ek noem net een uit baie voorbeelde, naamlik die woorde van Petrus voor die Joodse Raad in Handelinge 5:31, waar hy onder meer sê:

> God het Hom verhoog tot Leidsman en Verlosser aan sy regterhand, sodat Hy Israel tot bekering kan bring en hulle sondes kan vergewe.

Hierdie dikwels herhaalde boodskap in die prediking van die vroeë kerk is heeltemal in lyn met wat Lukas oor Jesus se laaste opdrag aan sy dissipels, aan die einde van die evangelie, skryf (24:47):

> ... in (My) Naam moet bekering en vergewing van sondes aan al die nasies verkondig word...

Dit is ook opvallend dat Lukas die enigste evangelis is wat die kruiswoord 'Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie' (23:34) aangeteken het. Hy is ook die enigste evangelis wat van die positiewe houding van een van die twee misdadigers aan die kruis vertel, en van Jesus se woorde aan hom: 'Ek verseker jou: Vandag sal jy saam met My in die paradys wees' (23:43). En alhoewel Jesus nie hier die direkte terme 'vergifnis' en 'verlossing' gebruik nie, is dit duidelik uit die verband dat Hy die misdadiger sy sonde vergewe en verlossing aan hom toesê. Die gelykenis van die verlore seun, wat ook net by Lukas voorkom, is met dieselfde tema besig; dit is trouens een van die mees dramatiese verhale in die Bybel oor bekering en vergifnis. Al hierdie voorbeelde bewys baie duidelik dat, in die oë van Lukas, die terme berou, bekering, vergifnis en verlossing sleutelbegrippe was, sowel in die bediening van Jesus as in die prediking van die vroeë kerk ná hom en van Johannes die Doper vóór Hom. Volgens Lukas is die evangelie

bedoel vir mense wat hulleself as sondaars herken; wanneer hulle daardie evangelie hoor, word hulle op ’n radikale wyse van hulle sonde en sondigheid bewus gemaak en ontstaan daar by hulle ’n dringende begeerte om van die las van daardie sonde bevry te word; daardie bevryding ervaar hulle dan wanneer God hulle in die Naam van Jesus vergewe en aan hulle die versekering van verlossing gee.

Skakerings van sonde

Ons moet egter meer spesifiek probeer wees oor wat al hierdie begrippe presies volgens Lukas beteken. Ek begin met die begrip ‘sonde’ en ‘sondaar’. Lukas gebruik hierdie terme baie meer dikwels in die evangelie as in Handelinge, ook baie meer dikwels as wat die ander evangeliste hulle gebruik. Wat opval, is die verskil tussen Lukas se evangelie en Handelinge in hierdie verband. In die evangelie verwys ‘sonde’ meesal na mense se verkeerde morele gedrag, veral ten opsigte van ander mense. Dit word alreeds duidelik in die prediking van Johannes die Doper (3:10–14): die sondes waarvan mense hulle moet bekeer, het te make met hulle onwilligheid om hulle klere en kos met die armes te deel, met finansiële uitbuiting van ander, en met afpersing. Op dieselfde wyse word die ryk man in die gelykenis by implikasie as sondaar geïdentifiseer omdat hy hom nie aan die arme Lasarus se nood steur nie. En in die gelykenis van die barmhartige Samaritaan is die priester en Leviet as sondaars gebrandmerk omdat hulle by die gewonde man verbystap sonder om hom te help. Die verlore seun is weer ’n sondaar oor selfsug en eiegeregtigheid teenoor sy vader. In die gelykenis van die Fariseër en die tollenaar pleit die tollenaar om vergifnis oor sy sondes van uitbuiting en bedrog. En so sou ons kon voortgaan.

In die boek Handelinge, daarenteen, word dit moeiliker om presies te bepaal wat die sondes is waarvan mense hulle moet bekeer. Wat wel in die algemeen duidelik is, is dat die sondes van Jode verskil van dié van heidene. Jode moet hulle veral bekeer vanweë hulle aandeel aan die dood van Jesus, heidene egter van die aanbidding van afgode. Dit lyk dus asof die predikers in Handelinge minder aandag gee aan sondes wat mense teenoor hulle medemense pleeg, alhoewel hierdie aspek nie ontbreek nie.

In die algemeen sou ons kon sê dat berou en bekering verband hou met die aard van die mens se oortreding. En dit is altyd spesifiek. Saggeus se berou en bekering bestaan daarin dat hy die helfte van sy besittings aan die armes gee en afgeperste geld vierdubbeld teruggee; in die geval van die verlore seun gaan dit daarom dat hy ‘tot inkeer’ kom en terugkeer na sy vader. Maar daar is ook gevalle waar bekering nie plaasvind nie: die ryk jongman se verhaal is een van mislukte bekering, omdat hy die prys vir die navolging van Jesus te hoog vind; die ouer broer in die gelykenis van die verlore seun ondervind ook geen bekering nie omdat hy weier om sy broer te aanvaar; in die geval van die Fariseër in die gelykenis bly alles eweneens onveranderd omdat hy, anders as die tollenaar, hoegenaamd nie van plan is om sy lewenstyl te verander nie.

Die omvang van die heil

Almal wat ware berou betoon en bekering ervaar, ondervind *sotêria*, ‘verlossing’ of ‘redding’ of ‘heil’. Ons moet hierdie terme nie bloot as godsdienstige begrippe beskou nie, asof hulle net

betrekking het op die mens se verhouding met God. Dit is nie die geval nie. Ek het reeds daarop gewys dat sonde by Lukas soms meer spesifiek te make het met ons verhouding teenoor ons medemens, soms weer meer met ons verhouding teenoor God. Maar eintlik kan ons hierdie twee nie skei nie. En as sonde te doen het met ons verhouding teenoor sowel God as ons naaste, dan is dit duidelik dat verlossing ook met albei verhoudings te doen het. Die eenvoudigste manier om hierdie verlossing te beskryf, soos dit in Lukas se geskrifte uitkom, byvoorbeeld in die verhale van die verlore seun en van Saggeus, is dat dit bestaan in aanvaarding, gemeenskap, nuwe lewe. Dikwels word hierdie bevryding tot uitdrukking gebring met die hulp van die beeld van ’n feesmaal: Jesus gaan eet in Saggeus se huis, die verlore seun word deur sy vader met ’n fees terugverwelkom, die armes wat van die strate en gangetjies van die stad ingebring word, word deur die ryk man op ’n fees onthaal (14:16–23).

Ons moet egter nog verder gaan in ons poging om ‘verlossing’ te definieer. In elkeen van die baie gevalle waar mense ‘gered’ of ‘verlos’ word, sluit daardie verlossing die totale verandering van die persoon se lewe in, die vergewing van sy of haar sondes, genesing van swakhede, en die verbreking van alle bindinge. Jesus se genesingswonders pas ook hierby in. Dit is daarom opvallend dat Lukas – net soos Markus en Matteus maar nog meer dikwels as hulle – die werkwoord ‘verlos’ of ‘red’ (*sôzein*) ook ten opsigte van Jesus se genesings gebruik. Die siekes wat Jesus ontmoet, word nie net fisies genees nie, maar word ‘verlos’, ‘gered’. Ten minste, dit is die dieper betekenis van die genesings. As die persoon net fisies gesond gemaak is, is hy, volgens Lukas, nog nie ‘gered’ nie. Dit gaan dus terselfdertyd om iets dieper as liggaamlike gesondmaking. Verlossing beteken ook herstel, die omkering en uitwissing van die slegte gevolge van sonde, en wel sonde teen sowel God as mens. Dit beteken, heel konkreet, ’n nuwe lewe, ’n nuwe lewenstyl. Wat God aan die sondaar gedoen het, kan nie sonder vrug bly nie. Saggeus ondervind nie slegs innerlike bevryding van die bande van sonde nie; hy gee ook prakties uitdrukking aan daardie innerlike bevryding. Sy reaksie op Jesus se koms is deel van die verlossing wat hy belewe. Bevryding van sonde mond uit in bevryding tot ’n nuwe lewe. As ons bekering en verlossing beperk tot ’n saak van die hart of die persoonlike en private lewe, is dit ’n karikatuur van die verlossing wat Jesus gebring het.

In albei Lukas se geskrifte is verlossing in die finale instansie altyd vasgeknoop aan die persoon van Jesus. Reeds in haar loflied prys Maria God se verlossingsdade vanweë die Kind wat sy in haar skoot dra. Die dissipels keer hulle rug op hulle vroeëre lewe en lewenstyl vanweë hulle buitengewone ontmoeting met Jesus. En in die geval van Saggeus word hierdie tollenaar gered nie omdat hy so gewillig is om van sy besittings afstand te doen nie, maar omdat hy ’n ontmoeting met Jesus gehad het. Verder: in die gelykenis van die groot maaltyd is dit in werklikheid Jesus wat die kreupeles en uitgeworpenes na die groot feesmaal nooi. Jesus is die Samaritaan wat barmhartigheid aan ’n aartsvyand van die Jode bewys. Jesus is die vader in die gelykenis – ’n vader wie se hart en huis plek het vir albei verlore seuns, die ouere en die jongere. Dit is slegs in sy Naam – so sê Petrus en Johannes aan die lede van die Joodse Raad – dat vergifnis van sonde en verlossing gevind kan word (Handelinge 4:12).

Goedkoop genade?

In die lig hiervan sou ons kon sê dat die twee boeke van Lukas eintlik niks anders is nie as ’n lofprysing op God se onbeperkte genade wat mildelik op sondaars uitgestort is. Hierdie waarheid word nog meer merkwaardig as ons dit bekyk teen die agtergrond van die manier waarop God in daardie tyd verstaan is: almagtig, onbegryplik en ontsagwekkend. Lukas skilder hom as die God van liefde, van ontferming, van onbegryplike en grenslose genade, veral ten opsigte van klein mensies wat eenkant toe gestoot is. Dit beteken natuurlik nie dat ons God nou maar mag beskou as ’n glimlaggende en oorvriendelike God wat altyd bereid is om selfs meer te vergewe as wat mense geneig is om te sondig nie. Dit is ’n drogbeeld van God wat oor die eeue heen ontwikkel het. Voltaire, een van die vaders van die Franse Revolusie, het byvoorbeeld spottend van God gesê: ‘*Pardonner, c’est son metier*’ (‘Om te vergewe is immers God se beroep’). Volgens hom is God as’t ware ‘gemaak’ om te vergewe en mense se skuld en sonde oor die hoof te sien.

Ek het soms die gevoel dat die sendelinge ook dikwels so ’n God in Afrika en elders verkondig het. Die sendelinge was so gretig om te vertel van God se liefde en genade, van sy bereidwilligheid om enige sonde te vergewe, hoe groot dit ook al mag wees, dat die mense onwillekeurig die indruk gekry het dat God ’n soort vriendelike oupa is wat altyd bereid is om sy kleinkinders se stoutigheid te vergewe. Hierdie gedagte is verder versterk deurdat die sendelinge dikwels dinge sonde genoem het wat die mense van Afrika nie as sondes beskou het nie: die verering van die voorvaders, besoeke aan die *ngaka*, die betaling van *lobola* of om met twee of meer vrouens te trou. In die tradisionele samelewing van Afrika was hierdie dinge nie verkeerd nie. Om die waarheid te sê, hulle was almal goeie dade, onder meer omdat hulle almal gehelp het om die voortbestaan van die familie te verseker. In die tradisionele samelewing was dit dus die voorbeeldige en godsdienstige mense wat aan hierdie aktiwiteite meegedoen het. Die sendelinge het gesê al hierdie dinge is sondes, maar die mense se eie gewetens het nie so gesê nie. Die sendelinge het ook gesê dat God, in sy groot goedheid, graag hierdie sondes wil vergewe. En die mense se reaksie was: As hierdie dinge sondes is, dan behoort dit mos nie vir God moeilik te wees om hulle te vergewe nie. Dit lyk dus asof God geen moeite het om te vergewe nie. Inderdaad, in Voltaire se woorde, om te vergewe is God se beroep.

Die prys van die verlossing

Dit is egter nie soos Lukas vergewing en verlossing sien nie. God bly vir hom die almagtige, die onbegryplike, die heilige. En dit is juis hierdie God wat sondaars vergewe en verlos – om Jesus ontwil. En Lukas sê Jesus is ’n Jesus wat deur sy eie mense verwerp is en aan die kruis gesterf het. Reeds in Lukas 4, in die verhaal van Jesus se heel eerste openbare optrede in sy tuisdorp, Nasaret, word Jesus deur sy eie mense verwerp en uit die dorp gejaag. Die kruis begin nie eers op Golgota nie; sy skaduwee val oor die hele evangelieverhaal en oor Jesus se hele lewe. Reeds in die tweede hoofstuk lees ons dat die gryse ou Simeon gesê het dat die kindjie Jesus ’n teken is wat weerspreek sal word (2:34). Vir sy moeder Maria sê Simeon: ‘En wat jou betref, ’n swaard sal deur jou siel gaan’ (2:35). Soos die verhaal van Jesus ontvou, ontmoet Hy al meer

teenstand, verwerping en vyandigheid. Dit is veral in die middelste stuk van die evangelie – die verhaal van Jesus se reis van Galilea na Jerusalem – dat ons agterkom hoedat die wolke al donkerder word. Die begin van hierdie reis word op buitengewoon plegtige wyse in Lukas 9:51 aangekondig:

> Toe die tyd nader kom dat Jesus in die hemel opgeneem sou word, het Hy vasbeslote die reis na Jerusalem begin.[1]

En die eerste ding wat met Hom op hierdie reis gebeur, is dat ’n Samaritaanse dorp Hom en sy dissipels akkommodasie weier! Sy openbare optrede in Galilea het daarmee begin dat sy eie mense hom verwerp het; net so begin sy reis na Jerusalem met sy verwerping deur die inwoners van Samaria. Ten spyte van die teenstand wat opbou, bly Hy egter op pad na Jerusalem. By geleentheid was daar selfs ’n paar vriendelike Fariseërs wat hom kom waarsku het: ‘U moet padgee en na ’n ander plek toe gaan, want Herodes wil u doodmaak’ (13:31). Hierop antwoord Jesus: ‘Ek [moet] vandag en môre en oormôre die reis voortsit, want dit is ondenkbaar dat ’n profeet op ’n ander plek as Jerusalem omkom’. Later praat hy oor die koms van die Seun van die mens, en voeg by: ‘Maar eers moet Hy baie ly en deur die mense van hierdie tyd verwerp word’ (17:25). Nog later neem Hy die twaalf opsy en sê vir hulle (18:31–33):

> Kyk, ons gaan nou Jerusalem toe, en alles wat die profete oor die Seun van die mens geskryf het, sal daar bewaarheid word. Hy sal uitgelewer word aan die heidene; Hy sal bespot en beledig word; hulle sal op Hom spoeg, Hom gesel en Hom daarna doodmaak.

Vir Lukas is dit egter deel van die goddelike plan. Daarom, aan die einde van sy evangelie, verskyn die opgestane Jesus aan sy dissipels en ‘open Hy hulle verstand om die Skrif te verstaan’. Jesus voeg by (24:46–47):

> So staan daar geskrywe: `Die Christus moet ly en op die derde dag uit die dood opstaan, en in sy Naam moet bekering en vergewing van sondes aan al die nasies verkondig word, van Jerusalem af en verder.

Lukas weet niks van goedkoop genade, goedkoop vergifnis, goedkoop bevryding nie. Die verlossing waarvan hy skrywe, bly totaal onverdiend, maar kos ontsaglik baie. Trouens, dit is een van die kenmerke van Lukas se geskrifte dat die mense wat gered word, juis nie dié is wat volgens ons logika gered behoort te word nie, maar dié wat volgens menslike oordeel onherroeplik verlore is. Dit beteken egter nie dat verlossing so goedkoop en so maklik bekombaar is dat selfs die grootste sondaars sonder meer vergewe en gered word nie. Nee, die beklemtoning lê op ’n ander plek: hierdie mense se oortredings is só groot, dat hulle nét uit genade gered kan word, op geen enkele ander manier nie. Die ander wat meen dat hulle darem in God se goeie boekies is, wat oordeel dat hulle ’n taamlike groot kredietbalans by God het, word eenkant toe gestoot, om daarmee te kenne te gee dat al ons eie prestasies totaal nutteloos is omdat ons nog steeds sondaars is; ook dié wat meen dat hulle groot kredietbalanse by God het, kan alleen uit genade gered word, op grond van die soendood van Jesus Christus. Daarom word die jonger seun, wat sy vader en familie verwerp het en sy erfenis verkwis en deurgebring het, gered, maar nie die ouer broer nie, al het hy – in sy eie oë – nog nooit iets verkeerds gedoen nie; die jonger seun het geweet dat hy niks kan doen om gered te

word nie en dat alleen genade hom kan help; die ouer broer het gemeen hy kwalifiseer op grond van sy verdienste. Om dieselfde rede word die sondige tollenaar se gebed verhoor en nie die gebed van die Fariseër nie. Saggeus, nog ’n tollenaar met ’n verskriklike rekord van uitbuiting en afpersing, word deur Jesus salig verklaar, maar nie die ryk jongman wat al die gebooie van die Wet van sy jeug af onderhou het nie. Die misdadiger aan die kruis langs Jesus word verseker dat hy nog dieselfde dag met Jesus in die paradys sal wees, maar nie die lede van die Joodse Raad wat om godsdienstige redes Jesus aan die Romeinse goewerneur oorgegee het nie. En in die boek Handelinge word heidene, aanbidders van afgode, vergewe en gered, maar nie die Jode wat meen dat hulle klaar gered is nie. Die Jesus van wie Lukas ons vertel, is iemand wat die vreemdeling, die buitestaander, die vyand in die gemeenskap inbring en vir hom en haar – tot die ontsteltenis van die ‘regverdiges’ – ’n ereplek gee by die feesmaal in die koninkryk van God.

RUIMTE VIR ALMAL!
(Lukas 4:25–27; Handelinge 11:12–18)

Sinspelings in die Evangelie

Ek het in my heel eerste Bybelstudie gesê dat die nie-Joodse Christene van Lukas se tyd – in die tagtigerjare van die eerste eeu – ’n identiteitskrisis beleef het. Hulle het gevra: ‘Wie is ons nou eintlik? Wat is ons verhouding met die Joodse volk? Ons het ons oorsprong in die Joodse volk en godsdiens, en tog het die Jode ons verwerp. Hoe staan ons nou teenoor die godsdiens en die mense uit wie ons voortgespruit het?’

In vandag se Bybelstudie gaan dit gedeeltelik om die beantwoording van hierdie vraag. Anders gestel: dit gaan om die vraag na die verhouding tussen Jode en nie-Jode in Lukas se geskrifte, en om die vraag na die aard en wese van die eerste Christelike kerk.

Daar is ’n basiese verskil tussen die Evangelie van Lukas en die boek Handelinge wat betref sendingwerk onder nie-Jode. Handelinge is vol van verwysings na en berigte oor sendingwerk onder heidene. Daarteenoor bly Jesus self feitlik uitsluitlik op Joodse grondgebied en word selfs die moontlikheid van sendingwerk onder nie-Jode nêrens genoem nie – totdat ons by die heel laaste verse van die heel laaste hoofstuk kom (Lukas 24:47). Hier word vir die eerste keer in soveel woorde gesê dat bekering en vergewing van sondes aan al die nasies verkondig moet word.

Tog is daar van die eerste hoofstuk af heenwysings na en sinspelings op ’n toekomstige sending onder alle volke, al bly hierdie sinspelings ook vaag. In die berig oor Jesus se optrede in sy tuisdorp, Nasaret, word die sinspelings vir die eerste keer duideliker. Ons aandag word dus nog ’n keer op hierdie verhaal gevestig. Gedurende die vorige paar dae het ons ontdek dat hierdie berig as’t ware die plek is waar al die motiewe wat Lukas graag aan sy lesers wil deurgee, aanmekaar geknoop word. Ons het eers gesien hoedat hierdie berig op ’n besondere wyse ons aandag daarop vestig dat Jesus, volgens Lukas, gekom het om die armes, blindes en verdruktes te red. Daarna het ons gesien dat Jesus in sy Skriflesing in Nasaret doelbewus enige Ou-Testamentiese verwysings na wraak weggelaat het en wat hierdie weglating in die hele Evangelie volgens Lukas beteken. In die derde plek het ons ’n klein kykie gekry in wat Lukas bedoel as hy sê dat Jesus gekom het om die evangelie, die goeie nuus, aan die armes en ander verlorenes te bring: genade, bekering, vergewing van sondes, verlossing. Vandag kom ons vir die vierde keer na die Nasaretberig terug: hier vind ons nie alleen ’n boodskap vir die onderdruktes nie, nie alleen iets van die werklike inhoud van die ‘evangelie’ nie, en nie alleen ’n totale afwesigheid van enige ruimte vir haat en wraak nie; ons vind hier ook ’n aanduiding van wie almal in die gemeenskap van Jesus opgeneem behoort te word. Met ander woorde, ons vind hier iets van die aard en samestelling van die kerk van Christus.

Die mense wat Nasaret se sinagoge op daardie Sabbat besoek het, het hulle eie idee gehad van wie God uitverkies het, van wie aanspraak mag maak op God se genade, van wie welkom is in

die huis van die Here en in die vergadering van die gelowiges. En hulle was baie seker: net volbloed Jode kwalifiseer. God se heil is beperk tot Israel. Vir ander was die deure van die sinagoge gesluit. Die een wat probeer inkom, kan moeilikheid verwag!

Maar Jesus keer hulle hele verwysingsraamwerk, hulle hele teologie, alles wat vir hulle heilig is, onderstebo. Hy laat eers die verwysings na wraak weg, en dan vryf Hy dit nog dieper in vir dié wat dit dalk nie dadelik goed begryp het nie. Deur te verwys na die optrede van die profete Elia en Elisa, bring Hy dit onder hulle aandag dat God nie alleen die God van Israel is nie, maar eweseer die God van al die ander volke. God is nie onherroeplik vasgebind net aan die Jode nie. Hulle mag dalk weier om die evangelie aan te neem, maar dit sal nie die einde van die prediking van die evangelie wees nie; soos die boek Handelinge keer op keer sou demonstreer, sal daar heidene wees wat met groot blydskap die verlossing wat Jesus aanbied, sal aanvaar. Die episode in Nasaret, soos Lukas dit vertel, bevat dus baie duidelik ’n heenwysing na die toekomstige sending onder die heidene en na die onbeperktheid van die evangelie. Reeds by die geleentheid van sy heel eerste openbare optrede wys Jesus in die rigting van die wêreldwye omvang van die heil wat Hy bring.

Die Samaritane

Die rol wat Samaritane in Lukas se evangelie speel, is ’n verdere voorbeeld van die wyse waarop hy sy lesers geleidelik voorberei vir wat later, na die opstanding van Jesus, sou gebeur. Ons moet onthou dat, vir die nasionalistiese Jode van daardie tyd, die Samaritane nog meer veragtelik as heidene was. Daar is baie redes daarvoor. Ek noem slegs twee insidente. By een geleentheid, kort voor die geboorte van Jesus, het ’n groep Samaritane skelm saam met ’n groep Jode tydens die Paasfees in die tempel in Jerusalem ingegaan en die tempel verontreinig deur mensbeendere daarin rond te strooi. Vir die Jode was dit ’n verskriklike en godslasterlike daad. By ’n ander geleentheid weer het die Samaritane van die dorpie Ginae ’n groep slapende Joodse pelgrims op pad van Galilea na Jerusalem oorval en uitgemoor.

’n Mens wonder of hierdie veragtelike gebeurtenisse miskien die rede is waarom ons so min van die Samaritane in die eerste twee evangelies lees. Markus verwys nie een keer na Samaria of die Samaritane nie. Matteus het net een verwysing, en dit is ’n negatiewe een – die opdrag van Jesus aan die twaalf dissipels in Matteus 10:5, ‘Moenie met ’n pad na die heidennasies toe afdraai nie en moenie in ’n dorp van die Samaritane ingaan nie.’ Lukas, daarenteen, het drie verwysings na Samaritane en al drie is baie belangrik vir ons onderwerp. Boonop kom al drie in die middelste gedeelte van die evangelie voor, dit wil sê in die deel wat berig van Jesus se reis vanaf Galilea na Jerusalem.

Ek het alreeds na die eerste een verwys – Lukas 9:51–56, die eerste perikoop wat van die reis na Jerusalem vertel. Jesus stuur boodskappers om verblyf vir homself en sy dissipels in ’n Samaritaanse dorp te reël, maar die Samaritane weier hulle enige gasvryheid. Die betekenis van hierdie verhaal is daarin geleë dat dit wys dat – net soos Jesus aan die begin van sy bediening onder Jode deur sy eie mense verwerp is, net so word hy ook deur heidene verwerp. Hierdie berig is dan ook die enigste een in Lukas se evangelie waar uitdruklik gesê word dat Jesus buite Joodse grondgebied verkeer. Die res van die lang reisverhaal, wat oor tien

hoofstukke strek en een-derde van die hele Lukasevangelie beslaan, het geen enkele duidelike geografiese aanduiding nie, totdat Jesus aan die begin van hoofstuk 19 in Jerigo (dus weer op Joodse grondgebied) opdaag.

Die tweede verwysing na Samaritane is van ’n totaal ander aard. Ek verwys na die gelykenis van die barmhartige Samaritaan (Lukas 10:25–37). Jesus se gehoor, insluitende sy dissipels, moes hierdie verhaal besonder onsmaaklik gevind het, selfs weersinwekkend. Dr Welile Mazamisa het onlangs ’n doktorale proefskrif oor hierdie gelykenis geskryf. Hy wys op die feit dat, vir die Joodse gehoor van Jesus, ’n Samaritaan ’n deur en deur negatiewe konnotasie gehad het. Samaritane was nie werklik volledig mense nie, onder meer vanweë hulle godsdiens wat vir die Jode uit ’n gruwelike vermenging van Joodse en heidense elemente bestaan het. Samaritane is ligjare ver verwyder van die wet en kon dit onmoontlik nie nakom nie. En nou is dit interessant om daarop te let dat die gelykenis juis begin met ’n vraag oor die wet. ’n Wetgeleerde kom naamlik na Jesus met die strikvraag: ‘Meneer, wat moet ek doen om die ewige lewe te verkry?’ Toe Jesus hom na die wet verwys en na die samevatting van die wet as liefde tot God en liefde tot die naaste, kom hy met die wedervraag: ‘Ja, maar ‘wie is nou eintlik my naaste?’ Jesus antwoord dan met die gelykenis van die Samaritaan. Volgens die hele logika van die verhaal was dit net Jode wat die wet kon vervul – liefde tot God en liefde tot die naaste. Die luisteraars verwag dus dat die gelykenis sal aandui dat die priester en Leviet die wet sal vervul; hulle is immers mense wat die wet ken en dit uitlewe! Tot die ontsteltenis van die luisteraars is dit nie wat gebeur nie. Die priester en Leviet loop verby, die Samaritaan ontferm hom oor die slagoffer van die rowers. Dit is egter nie al nie! Uit die hele verband van die gelykenis is dit duidelik dat die man wat deur die rowers aangeval is, ’n Jood was. En dit was verbode vir Jode om enige liefdesdiens van nie-Jode te ontvang; verder was daar ’n uitdruklike verbod op die koop van olie en wyn van Samaritane. Tog is dit ’n Samaritaan wat aan hierdie Jood ’n liefdesdiens bewys en sy wonde met olie en wyn behandel! ’n Mens kan jou kwalik iets voorstel wat meer skokkend vir Jesus se Joodse gehoor kon gewees het.

Die volgende berig oor ’n Samaritaan moes ook vir die Jode rede tot aanstoot gewees het. In hoofstuk 17:11–19 vertel Lukas van tien melaatses wat deur Jesus genees word. Dit het in die grensgebied tussen Galilea en Samaria gebeur, waar die verskriklikheid van melaatsheid die grense uitwis tussen mense wat gewoonlik vyande van mekaar is, want uit die verband van die verhaal kan ons aflei dat nege van die melaatses Jode is en een ’n Samaritaan. Al tien word deur Jesus gestuur om hulleself vir die priesters te gaan wys, maar net een keer terug om Jesus te bedank: die Samaritaan. Jesus sê vir hom: ‘Staan op en gaan huis toe. Jou geloof het jou gered’. Die keuse van die werkwoord hier is weer belangrik: Jesus sê nie bloot dat sy geloof hom gesond gemaak het nie, maar dat dit hom gered het. Deur dit te berig, gee Lukas ons nóg ’n duidelike heenwysing na die feit dat God se heil besig was om ook na hierdie veragte volk uit te reik.

Sending volgens Lukas

In die boek Handelinge word alles wat in die evangelie vae aanduidings was dan ’n openbare werklikheid. Reeds in die eerste hoofstuk sê Jesus dat sy dissipels sy getuies sou wees in

Jerusalem, Judea en Samaria, sowel as tot in die uithoeke van die wêreld. Dit gebeur dan ook vanaf hoofstuk 8, wanneer Filippus en ander begin om die evangelie in Samaria te verkondig.

Ek het die berigte aangaande Samaritane in Lukas se geskrifte uitgekies om aan die hand daarvan te demonstreer hoe die evangelie die latere sendingwerk buite die volk Israel voorberei. ’n Mens sou ook ander gedeeltes van die evangelie kon kies om dieselfde te illustreer, maar ek laat dit daar. Feit is dat die wêreldwye sending in die evangelie nog in ’n groot mate verborge bly en eers aan die einde duidelik aan die lig tree, wanneer Jesus sê (in 24:46–49):

> So staan daar geskrywe: ‘Die Christus moet ly en op die derde dag uit die dood opstaan, en in sy Naam moet bekering en vergewing van sondes aan al die nasies verkondig word, van Jerusalem af en verder.’ Julle is getuies van hierdie dinge. En Ek sal die gawe wat my Vader beloof het, vir julle stuur.

Hierdie woorde bevat, in ’n neutedop, Lukas se verstaan van die doel van die koms van Jesus, naamlik die wêreldwye sending van die kerk. Dit bevat die volgende elemente:

1. Sending is ’n vervulling van skriftuurlike beloftes.

2. Dit word slegs ’n moontlikheid ná die lyding, dood en opstanding van die Messias van Israel.

3. Die sentrale inhoud van sending is die boodskap van bekering en vergewing.

4. Dit is vir alle nasies bedoel.

5. Dit moet in Jerusalem begin.

6. Dit word uitgevoer deur mense wat ‘getuies’ genoem word.

7. Dit geskied in die krag van die Heilige Gees.

’n Mens sou met reg kon sê dat hierdie teks, wat Lukas heel aan die einde van sy evangelie plaas, die sleutel tot die verstaan van die hele evangelie is, en ook die verbinding tussen die evangelie en Handelinge. Die elemente wat ek aangedui het, vorm as’t ware die ‘drade’ wat dwarsdeur Lukas se twee geskrifte loop, die ‘vesels’ wat die hele verhaal van Jesus en die vroeë kerk aan mekaar hou. Van die begin van die evangelie af skryf Lukas met die oog op die wêreldwye sending van die kerk, met die oog op die uitgaan van die evangelie na die heidene rondom Israel.

En die Jode?

Ons sou nou miskien dink dat dit alles die einde van God se belangstelling in die Jode beteken; van nou af gaan die evangelie net aan nie-Jode verkondig word. Tog beteken Lukas se buitengewone groot belangstelling in sending onder heidene nie dat hy sy rug op die Jode keer nie. Dit is trouens opvallend hoedat Lukas – die enigste nie-Joodse skrywer in die Nuwe Testament – uit sy pad gaan om die Jode so goed as moontlik te behandel. In sy evangelie kritiseer Jesus wel die Fariseërs, maar nie so heftig soos Hy dit in Matteus doen nie. Lukas vertel byvoorbeeld nie dat Jesus die Fariseërs ‘skynheiliges’ en ‘blinde leiers’ noem nie – wat Matteus wel doen. Hy laat ook gedeeltes uit Markus weg wat Jode as onaangenaam sou kon

ervaar (byvoorbeeld Markus 7:1–20). Hy pas ook nie die gelykenis van die boere en die wingerd (of: van die landbouers) op die priesterhoofde en die Fariseërs toe nie, soos Matteus wel doen (21:45). In die verhaal van die verhoor van Jesus laat hy die berig weg waar die skare uitroep: 'Laat sy bloed op ons en op ons kinders kom!' (Matteus 27:25). Slegs Lukas vertel van Jesus se gebed: 'Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie' (23:34), en ons kan met sekerheid aanneem dat hy die gebed so verstaan het dat Jesus eintlik vir sy Joodse vervolgers bid, veral ook omdat hy twee keer in Handelinge vertel dat die Jode uit onkunde verkeerd opgetree het (Handelinge 3:17; 13:27).

Ek sou nog baie meer voorbeelde kon aanhaal van die wyse waarop Lukas, die nie-Jood, spesiale aandag aan die Jode gee en ook aan die feit dat die evangelie in die eerste plek vir die Jode bedoel was. Dit sal ons egter in te veel besonderhede lei. Miskien moet ek egter wel op die absoluut sentrale rol van Jerusalem in Lukas se geskrifte wys. Die verhaal aangaande Jesus se openbare bediening begin in verre Galilea en beweeg dan al nader aan Jerusalem; van Jerusalem af gaan die apostels die hele wêreld in met die evangelieboodskap. In die middelste deel van die evangelie word die leser nege keer vertel dat Jesus op pad is na Jerusalem.

Tog, as die verhaal van die boek Handelinge aanbreek, dan lyk dit nie asof Jerusalem en die Jode baie positief op Jesus se boodskap gaan reageer nie. Die groot meerderheid van die volk staan negatief teenoor die evangelie, selfs vyandig. Maar ook hierdie verloop van sake is in die evangelie geantisipeer. Waar Markus en Matteus elkeen maar net eenkeer vertel dat Jerusalem Jesus sal verwerp en uiteindelik verwoes sal word, het Lukas in sy evangelie nie minder nie as vier sulke berigte (13:33–35; 19:41–44; 21:20–24; 23:27–31).

Daar is 'n uiters belangrike aspek van hierdie verhaal waaraan ons aandag moet gee, naamlik die feit dat Lukas diep hartseer is oor Jerusalem en die Jode se negatiewe reaksie op Jesus se boodskap. Dit is vir hom 'n tragiese verloop van sake, iets wat nooit moes gebeur het nie. Daar is geen teken dat hy soort van lekkerkry oor die feit dat die Jode die evangelie weier en dat dit nou vir die heidene 'n kans gee om gered te word nie, asof die Jode nou hulle verdiende loon kry vir hulle hardheid van hart. Eerder is dit so dat Lukas in die gemoed van sy leser smart, teleurstelling en jammerte wil oproep. Hy vertel meer as een keer dat Jesus oor Jerusalem geween het, in sy smagtende verlange dat Jerusalem tog tot bekering moet kom voordat dit te laat is. Maar Jesus se verlange na Israel se redding bly onvervuld. Lukas self ween ook oor Jerusalem, oor die Jode, en ook sy verlange bly onvervuld. Tog gee hy nooit hoop op vir die Jode nie. Hy pleit nie dat sendingwerk onder die Jode gestaak moet word nie. Wat veral interessant is, is dat die apostels verskeie kere volgens die hoek Handelinge die punt bereik waar hulle sê: 'Die Jode wil nie luister nie; dus gaan ons nou na die heidene'. 'n Opvallende voorbeeld hiervan is Paulus en Barnabas se woorde aan die Jode in Antiogië in Pisidië, nadat hulle die evangelie verwerp het (Handelinge 13:46):

> Die woord van God moes eerste aan julle verkondig word. Maar omdat julle dit verwerp en daarmee beslis dat julle die ewige lewe nie werd is nie, gaan ons nou na die mense toe wat nie Jode is nie...

Die verrassende is egter dat Paulus en die ander predikers nie doen wat hulle sê hulle gaan doen nie! Selfs na die grootste teenstand en provokasie van die kant van die Jode gaan hulle in

elke volgende stad maar weer eers na die Jode. Dit is asof Lukas wou sê: Die vroeë kerk kon hom nie versoen met die feit dat die Jode finaal nee gesê het vir Jesus Christus nie; ons moet dus aanhou om die evangelie aan hulle te verkondig. Wie weet, miskien sal hulle eendag positief reageer! So vertel Lukas sy verhaal tot aan die einde van die boek Handelinge. En selfs in die heel laaste hoofstuk se slotgedeelte vertel hy nog hoedat Paulus die evangelie aan die Jode in Rome verkondig.

En ons?

Sou hierdie hele verbaal van die verhouding tussen sending onder Jode met sending onder nie-Jode en die algemene negatiewe reaksie van die Jode iets vir ons eie konteks kon beteken?

Ek dink nie dit is moontlik om enige direkte toepassing vir ons eie situasie te maak nie. En tog kan ons by wyse van versigtige afleidings miskien ’n paar opmerkings hieroor maak.

Die eerste opmerking wat ek wil maak, het met identiteit te doen. Ten spyte van die eerste kerk se verskriklik teleurstellende ondervinding met die Jode, het die kerk nie sy rug op die Jode gekeer nie (dit het natuurlik later wel gebeur, veral van die tweede eeu af). Die kerk uit die heidendom het geweet: ons is met ons naelstring aan Israel verbonde, ons kry ons identiteit daarvan dat ons uit Israel gebore is, ons bestaan as kerk van Jesus Christus omdat Joodse sendelinge die evangelie van Jesus aan ons kom verkondig het. En al ondervind ons ook hoeveel opposisie en selfs vyandskap van die Jode, al weier die Jode om enige gemeenskap met ons te hê, al is die deure van hulle sinagoges vir ons gesluit, weet ons met ’n vaste wete: ons is aan Israel verbonde en ons kan daardie band nooit van ons kant deursny nie.

Wat daardie eerste Christene van die Jodedom gesê het, geld natuurlik nog vandag van ons ook. Ons is almal aan die Jodedom verbonde, ons is nie maar net ‘Christene’ nie, ons is ‘Jode-Christene’. Dit geld vir alle Christene vandag, in elke land van die wêreld. Maar vir ons in die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika kom daar miskien nog ’n ander dimensie by. Baie mense in die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika ly vandag onder die feit dat hulle ’n verbondenheid het met die blanke Nederduitse Gereformeerde Kerk, dat ons kerk se oorsprong by die blanke kerk is, dat wit sendelinge ons voorvaders en –moeders opgesoek en die evangelie van Jesus Christus aan hulle verkondig het. Daarom dra ons vandag nog die naam van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Dit is ’n naam wat dikwels vir ons ’n verleentheid veroorsaak, want ons ondervind dikwels nie enige besondere toegeneentheid en liefde van die blanke kerk nie. Ons is in baie van hulle kerkgeboue nie welkom nie. Die meerderheid van hulle – so lyk dit – het geen behoefte daaraan om met ons in een kerklike struktuur saamgebind te word nie. Dit lyk partykeer selfs vir ons asof die blanke kerk sy rug gekeer het op dieselfde evangelie wat hulle meer as ’n honderd jaar gelede aan ons begin verkondig het.

Ek sou miskien nog meer parallelle met die verhouding tussen die nie-Joodse kerk van die eerste eeu en die Jodedom kon opnoem. Maar miskien is dit onnodig. Dus, laat my toe om net bietjie die konsekwensies van hierdie parallelle verder deur te trek.

Ek het daarop gewys dat Lukas, en saam met hom die kerk van die eerste eeu, hulleself nie so ver kon kry om hulle rug op die moeder te keer nie. Hulle het met diepe bewoënheid volgehou

daarmee om die band met die Jodedom te behou. Waarom? Onder meer omdat hulle besef het dat God se volk saam hoort, dat God maar een volk kan hê, dat die kerk van Jesus Christus ruimte vir almal het, dat elkeen wat iets van die kerk van Jesus Christus begryp, nooit kan ophou met werk vir die eenheid van die kerk nie, dat, ten spyte van allerlei teenslae en mislukkings op hierdie pad, ons daarmee moet volhou, dat God se boodskap van bekering en van vergewing van sondes nooit oud word nie, dat as God niemand die rug toekeer nie, wie is ons om dit te wil doen?

Het Lukas nie op hierdie punt ’n boodskap vir die hele ‘familie’ van Nederduitse Gereformeerde Kerke nie? Dit lyk my so. Ongetwyfeld bevat Lukas se geskrifte ’n uitdaging aan die blanke Nederduitse Gereformeerde Kerk op hierdie punt: As Christus ons onvoorwaardelik aanvaar het, wie is ons dan om te weier om ander net so onvoorwaardelik te aanvaar? Meer nog: sodanige onvoorwaardelike aanvaarding op die ‘geestelike’ vlak het konsekwensies vir die sosiale vlak ook: dit is onmoontlik om iemand as broer of suster in die geloof te aanvaar, sonder dat daardie aanvaarding iets doen aan ons horisontale verhoudings en aan die strukture waarin ons ons bevind. Tog meen ek dat Lukas nie net die blanke kerk uitdaag nie. Lê dit nie op die weg van elkeen van ons wat iets van hierdie saak verstaan, om elke dag onverpoosd werk te maak van die misverstande en spanning en oor-en-weer beskuldigings tussen Wit en Swart Christene nie? Lê dit nie op ons weg om ook ons eie harte gedurig te ondersoek nie? Is daar nie miskien in ons harte hope selfgeregtigheid en huigelary nie? Is ons werklik so sonder sonde dat ons met vrymoedigheid die eerste klippe kan gooi? Is die kerk van Jesus nie veronderstel om te bestaan uit mense wat eers hulleself ondersoek, wat eers die balk uit hulle eie oog verwyder voordat hulle probeer om die splinter uit die oog van hulle broer en suster te verwyder nie?

Mag die Here ons as familie van Nederduitse Gereformeerde Kerke genadig wees in hierdie verband!

… EN JULLE SAL MY GETUIES WEES
(Handelinge 1:1–8)

Jesus se gesante

Gedurende hierdie reeks Bybelstudies het ons gesien dat Lukas sy twee geskrifte, die evangelie en Handelinge, met ’n baie duidelike doel voor oë aangepak en neergeskryf het. Ons het ook gesien dat die beskrywing van Jesus se besoek aan die sinagoge in Nasaret ’n baie besondere plek in sy geskrifte inneem en dat, in ’n sekere sin, die hele evangelie van Jesus Christus in hierdie gedeelte saamgebind word. Ons het gesien dat dit in hierdie gedeelte veral om vier dinge gaan: die ontferming van Jesus teenoor armes en onderdruktes, dit wil sê die slagoffers van die samelewing en van omstandighede, die goeie boodskap (of evangelie) van bekering, vergewing van sondes, en verlossing, die wegneem van enige spoor van wraak en vergelding uit die harte en lewens van Jesus se volgelinge, en die feit dat in sy gemeenskap daar ruimte is vir almal, veral dan ook vir mense uit ander volke op wie die Jode van die tyd neergesien het.

By die geleentheid van hierdie laaste Bybelstudie wil ek veral stilstaan by die dissipels van Jesus, dit wil sê by die mense deur wie Jesus sy hande wil uitsteek na die armes en verdruktes, wat die boodskap van bekering en vergewing van sondes moet uitdra, wat in hulle eie lewens die totale afwesigheid van wraak tot uitdrukking moet bring, en wat die grense na alle nasies en alle groepe moet oorsteek.

“Getuies”

Lukas se besondere woord vir hierdie mense is die woord getuies. In die evangelie gebruik hy die begrip maar eenkeer, naamlik in 24:48, dit wil sê in die ‘sendingteks’ heel aan die einde van die evangelie: ‘Julle is getuies van hierdie dinge’. In die boek Handelinge, daarenteen, kom die begrip talle kere voor. Sommer heel aan die begin sê Jesus vir sy dissipels (1:8):

> Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees...

’n Getuie getuig, hy of sy lê getuienis af. Dit is eintlik ’n begrip uit die regswese: wanneer ’n saak voor die hof kom, word getuies ingeroep. En ’n getuie is nie veronderstel om te spekuleer of te raai of ’n opinie uit te spreek nie. Getuies is veronderstel om getuienis af te lê net van wat hulle gesien en ondervind het. Nou waarvan moes Jesus se volgelinge getuienis aflê? Waarvan was hulle getuies? In Handelinge 1 sê Jesus: ‘... julle sal my getuies wees’. Dit gaan dus om getuienis vir Jesus. ’n Bietjie later, in dieselfde hoofstuk 1 (vers 21–22) word die hele saak nog ’n bietjie duideliker gestel. Judas, die verraaier, is intussen dood; sy plek is leeg en moet gevul word. En nou sê Petrus:

> Daar moet ... nog ’n getuie van Jesus se opstanding by ons gevoeg word. Dit moet een van die manne wees wat saam met ons rondgegaan het die hele tyd toe die Here Jesus in die openbaar opgetree het, vandat Hy deur Johannes gedoop is totdat Hy van ons af in die hemel opgeneem is.

Dit gaan dus om iemand wat oor Jesus se lewe en bediening kan getuig, maar veral en heel spesifiek oor sy opstanding. Hierdie tema word oor en oor herhaal. In hoofstuk 2:32 is Petrus

weer aan die woord, hierdie keer op die Pinksterdag, na die uitstorting van die Heilige Gees. Hy vertel die skare van die lewe en sterwe van Jesus en voeg dan by: ‘God het hierdie Jesus uit die dood laat opstaan; daarvan is ons almal getuies.’ In die volgende hoofstuk lees ons weer dat Petrus die Jode in die tempel toespreek en vir hulle sê (3:15):

> So het julle Hom, die Leidsman na die lewe toe, doodgemaak, maar God het Hom uit die dood opgewek, en daarvan is ons getuies.

Later spreek Paulus die Jode in Antiogië in Pisidië toe, vertel hulle van Jesus, en vervolg dan (13:30–31):

> Maar God het Hom uit die dood opgewek. Hy het in die loop van baie dae aan die mense verskyn wat saam met Hom van Galilea af na Jerusalem toe gegaan het. Hierdie mense is nou sy getuies by die volk.

Al hierdie voorbeelde – en nog meer sou genoem kon word – wys in een rigting: die dissipels van Jesus is tydens sy aardse lewe versamel en na sy dood en opstanding bymekaar gehou sodat hulle ‘getuies’ van Jesus se opstanding kon wees. Die ooggetuies, wat nie kon begryp wat die bedoeling van Jesus se koms en bediening was nie, het getuies geword; die dissipels is in apostels verander– soos Petrus dit aan Kornelius verduidelik (10:40–41):

> God het Hom op die derde dag uit die dood opgewek en Hom laat verskyn, nie aan die hele volk nie, maar net aan ons vir wie God reeds gekies het om getuies daarvan te wees, ons wat ná sy opstanding uit die dood saam met Hom geëet en gedrink het.

Die term ‘getuie’ verwys dus primêr na die twaalf apostels. Tog is daar reeds in die boek Handelinge ’n uitbreiding van die term: Stefanus (22:20) en Paulus (22:15; 26:16) word ook ‘getuies’ genoem. Ons kry hier alreeds ’n aanduiding van die later wyer gebruik van die woord: elkeen wat die evangelie van Jesus verkondig aan mense wat nog nie Christene is nie, is ’n getuie. Dit is dus ’n naam wat ons ook vir onsself mag toe-eien.

In die krag van die Gees

‘Getuie’ is baie gepaste begrip vir wat Lukas ons wil laat verstaan. Die boek Handelinge maak dit baie duidelik dat die getuienistaak toevertrou is aan baie swakke en feilbare mense, mense wat niks in hulle eie krag kan uitrig nie maar altyd afhanklik bly van die krag van die Heilige Gees. Maar dan moet ons ook onthou dat hulle nie eintlik geroep word om enige prestasies van hulle eie te lewer nie: hulle is alleen geroep om mense se aandag te vestig op wat God reeds gedoen het, om getuienis af te lê van wat hulle gehoor en gesien en met hulle hande aangeraak het (vergelyk 1 Johannes 1:1). Paulus en die ander Christene van die tweede geslag (en, wat dit betref, ook van alle latere geslagte) het Jesus natuurlik nie gehoor en gesien en aangeraak nie. Volgens Lukas maak dit egter nie hulle getuienis minderwaardig nie. Hulle (en ons) getuienis word in dieselfde krag gelewer, dit kom met dieselfde oortuiging, dit bied dieselfde uitdaging aan die wat daarna luister. En die rede hiervoor is dat, volgens Lukas, hulle (en ons) getuienis gelewer word in die krag van die Heilige Gees.

Dit is inderdaad opvallend hoe prominent die Heilige Gees in die geskrifte van Lukas is, en hoedat sy werksaamheid byna altyd in verband gebring word met die gelowiges se getuienistaak. Dit geld trouens nie net van die bediening van die apostels nie, maar alreeds van

die bediening van Jesus self. In Lukas 4:14 lees ons dat Jesus, na sy versoeking in die woestyn, na Galilea teruggekeer het vol van die krag van die Gees en dat Hy met sy bediening begin het. Só het Hy ook in Nasaret aangekom en uit Jesaja 61 gelees, waar die eerste woorde lui: 'Die Gees van die Here is op my ...' (4:18). Aan die einde van sy evangelie berig Lukas die woorde van Jesus waarvolgens die dissipels sy getuies sou word eers nadat hulle toegerus is 'met krag van bo' (24:49), dit wil sê nadat hulle ook die Gees ontvang het. Op dieselfde manier sê Jesus aan die begin van die boek Handelinge: 'Julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees...' Dieselfde Gees in wie se krag Jesus na sy versoeking na Galilea gegaan het, stuur ook die dissipels op hulle sendingpad, tot by die uithoeke van die aarde.

As ons nou deur die boek Handelinge blaai, sien ons hoedat die Heilige Gees die katalisator word, die rigtinggewende en besielende krag tot sending. Keer op keer word die kerk se werk geïnspireer en bevestig deur manifestasies van die Gees. Die beslissende gebeurtenis is natuurlik die uitstorting van die Gees op die Pinksterdag. Die Gees het op Jesus neergedaal by sy doop (3:21–22); dieselfde Gees daal nou 'n tweede keer neer om die dissipels te doop (vergelyk Handelinge 1:5: '... julle sal binne 'n paar dae met die Heilige Gees gedoop word'). Die Gees word egter eers ná die hemelvaart uitgestort: dit is die verhoogde Christus wat die Gees stuur; die teenwoordigheid en leiding van die Gees mag dus in geen omstandighede losgemaak word van Jesus nie.

Na Pinkster is dit die Gees wat help dat die horison van die sending altyd wyer en groter word. Filippus se ontmoeting met die ontmande Etiopiër vind plaas vanweë die Heilige Gees (8:29, 39). En as Kornelius en sy gesin die evangelie aanneem, word die Heilige Gees op hierdie heidense familie uitgestort (10:44–48). By die Pinksterfees is die Gees net op Jode uitgestort, nou kom as't ware 'n tweede Pinkster: die Gees word ook op heidene uitgestort, net soos destyds op Jode. Kort daarna word Petrus voor stok gekry en moes hy aan die Joodse Christene in Jerusalem verduidelik hoekom hy in die huis van onbesnedenes gegaan en hulle as Christene gedoop het. Die enigste soort argument wat normaalweg in hierdie omstandighede gewig sou gedra het, was 'n skrifbewys, met ander woorde 'n aanhaling van 'n Ou-Testamentiese teks wat Petrus se optrede sou kon legitimeer. Daar is inderdaad sulke tekste in die Ou Testament. Tog beroep Petrus hom volgens Lukas nie op die Ou Testament om homself te verdedig nie! Hy sê heel eenvoudig: 'Die Gees het vir my gesê dat ek nie moet aarsel... nie' (11:12). Later, tydens die eerste sinode in Jerusalem, ontbreek daar weer eens enige skrifbewyse vir die besluit van die apostels dat heidene gedoop kan word sonder om besny te word. In die brief aan die gemeentes skryf hulle onder meer: 'Die Heilige Gees en ons het besluit...' (15:28). In Handelinge 13:2 is dit weer die Heilige Gees wat vir die gemeente in Antiogië sê: 'Sonder Barnabas en Saulus vir my af om die werk te doen waarvoor ek hulle geroep het'. Die daaropvolgende sendingreise van Paulus staan deurgaans in die teken van die leiding van die Heilige Gees. In Handelinge 16:6–10 is dit byvoorbeeld die Heilige Gees wat Paulus verhinder om verder deur Asië te reis en eerder na Masedonië te gaan. Later is dit ook die Heilige Gees wat Paulus dring om na Jerusalem te reis (20:22).

Die Gees volstaan egter nie daarmee om die apostels tot sendingbetrokkenheid te bring en in

hulle sendingaktiwiteite te lei nie. Die Gees doen méér as dit: Hy gee ook vrymoedigheid en krag aan die getuies. In Lukas 24:49 en Handelinge 1:8 sê Jesus dat die apostels in Jerusalem moet wag totdat hulle toegerus is met krag uit die hoogte, en dat hulle krag sal ontvang wanneer die Heilige Gees oor hulle kom. En hierdie krag het tot gevolg dat die apostels vrymoedig getuig. Trouens, die woorde 'vrymoedig' en 'vrymoedigheid' kom dikwels in Handelinge voor en wel elke keer in verband die apostels se getuienistaak (vergelyk Handelinge 4:13, 29, 31; 9:27; 13:46; 14:3; 18:26; 19:8). Hulle optrede verskil opvallend van hulle vroeëre gedrag, toe hulle nog saam met Jesus op reis deur Palestina was. U onthou die keer toe 'n Samaritaanse dorp Jesus en sy geselskap slaapplek geweier het en hoedat Jakobus en Johannes toe, in 'n vlaag van woede, wou bid dat vuur uit die hemel neerdaal en die Samaritane verteer. Maar wat gebeur nou in Handelinge? Wat maak die apostels nou as hulle teenstand kry? Bid hulle weer om vergelding, om vuur uit die hemel? Nee, hulle bid om vrymoedigheid! Luister byvoorbeeld na Handelinge 4:29:

> En nou, Here, kyk hoe dreig hulle ons. Gee tog dat u dienaars met volle vrymoedigheid u woord sal verkondig.

Die doel van die getuienis

Ek wil graag netnou terugkeer tot die tema van die verhouding tussen vrymoedigheid en teenstand. Maar laat my toe om eers vir 'n oomblik saam met u te kyk na die doel van die getuienis wat die apostels geroepe is om te lewer.

Die inhoud van die getuienis, so het ons gesien, is in die eerste plek die opstanding van Jesus, sy oorwinning oor die dood, sy koms tot heil van die hele wêreld, die aanbreek van die koninkryk van God. Maar wat is die doel van hierdie getuienisaksie? Wat wil die Heilige Gees – en die apostels – met hulle vrymoedige getuienis bereik? Miskien word hierdie vraag die duidelikste in Handelinge 26:17–18 beantwoord, waar Paulus homself voor Agrippa verdedig en vertel hoedat Jesus hom op die pad na Damaskus ontmoet het en vir hom gesê het:

> Ek sal jou beskerm teen die volk Israel en teen die heidennasies na wie toe Ek jou stuur. Jy moet hulle oë oopmaak sodat hulle hulle van die duisternis tot die lig en van die mag van die Satan tot God kan bekeer. Deur in My te glo, sal hulle sondes vergewe word en sal hulle deel word van die volk van God.

Ons ontmoet hier temas wat ons reeds in een van ons vorige Bybelstudies teëgekom het: bekering en vergewing van sondes. Maar hier word verdere temas bygevoeg: mense se oë moet oopgemaak word, hulle moet hulle van die duisternis tot die lig bekeer, en hulle sal deel word van die volk van God.

Ons merk 'n bepaalde dringendheid in hierdie verduideliking wat Paulus aan Agrippa gee. Die getuie is oortuig dat sy getuienis met 'n saak van lewe of dood te make het, dat mense se heil daarvan afhanklik is, en dat die getuies skuldig sou staan indien hulle nie getuienis aflê nie. Lukas weet dat die apostels 'n hoë waardering vir die tradisionele godsdiens van hulle luisteraars het – ons dink byvoorbeeld aan Paulus se woorde op die Areopagus in Atene (Handelinge 17) – en tog dring hulle aan op berou en omkeer. Hierdie dringendheid het ongetwyfeld te make met hulle oortuiging dat hulle onbekeerde luisteraars 'buite Christus' is

en dat die wat hulle rug keer op hulle godsdienstige verlede – soos Paulus dit stel voor Agrippa – oorgaan van die duisternis tot die lig. Daar is dus ontsettend baie op die spel. Die getuies kan onmoontlik onverskillig teenoor die lot van ander staan nie. Hulle getuienis beslis oor die heil van andere.

Persoonlike bekering en verlossing is egter nie ’n doel op sigself nie. Veel meer is op die spel. Daarom sê Paulus ook aan Agrippa dat dié wat in Jesus glo en wie se sondes vergewe is, deel sal word van ‘die volk van God’. Hierdie nuwe ‘volk van God’ is aan geen grense onderworpe nie. Dit is iets wat maar baie langsaam tot die apostels deurgedring het. As Petrus volgens Handelinge 10 ná baie huiwering tog na Kornelius gaan, omdat die Heilige Gees hom geen keuse laat nie, dan is dit omdat hy dit nie met sy agtergrond en oortuigings kan rym dat God die heidene net so kan aanvaar soos hy die Jode aanvaar het nie. Wanneer dit dan wel gebeur, is hy die ene verbasing oor God se onpartydigheid. Hy roep uit (10:34–35):

> Waarlik, ek begryp nou eers dat God nie onderskeid maak nie, maar uit enige volk die mense aanneem wat Hom vereer...

Later vertel hy die verhaal aan die gemeente in Jerusalem wat hom onder kruisverhoor neem. In sy woorde hoor mens steeds sy oorspronklike verbasing (11:15):

> Skaars het ek begin praat, of die Heilige Gees kom op hulle net soos op ons in die begin.

Hy oortuig die gemeente. Hulle reaksie is om God te prys en te sê (11:18):

> God het selfs mense wat nie Jode is nie, tot inkeer gebring om aan hulle die lewe te gee.

’n Nuwe gemeenskap

Uit al hierdie berigte blyk een ding duidelik: God handel op ’n heeltemal onverwagte wyse deurdat hy mense in sy volk opneem wat nie Jode is nie en wat volgens al die wette van die logika van destyds geen hoop gehad het om volledig in God se volk opgeneem te word nie. Die evangelie breek al die mure af wat daar tussen mense en mensegroepe bestaan en bind eertydse vreemdelinge en vyande saam in ’n heeltemal nuwe gemeenskap. Daar was natuurlik baie godsdienstige gemeenskappe in daardie tyd, maar die meeste van hulle was taamlik homogeen; met ander woorde, so ’n gemeenskap het hoofsaaklik uit een klas van die samelewing bestaan, uit mense met dieselfde belangstelling en agtergrond. Die Christelike gemeenskap is egter heterogeen in sy samestelling; mense uit feitlik alle lae van die Romeinse samelewing van destyds is in die kerk van Jesus Christus saamgebind tot ’n hegte en onverbreekbare eenheid. In die samelewing van destyds was dit iets ongehoords, veral om te sien hoedat Jode heidene volledig as broers en susters aanvaar en saam met hulle eet. Spoedig is dan ook na die Christene verwys as ’n *triton genos*, ’n derde geslag of derde ras (naas die Grieke en Romeine – die eerste ras – en die Jode – die tweede ras).

Elders in die boek Handelinge word die kerk beskryf as ’n groep mense wat hulle heelhartig toegelê het op die leer van die apostels, die onderlinge gemeenskap, die gemeenskaplike maaltye, en die gebed (2:42). Dit beskryf die kerk as’t ware na binne toe. Hulle word saamgebind deur ’n gemeenskaplike boodskap, ’n gehegtheid aan mekaar, ’n gemeenskaplike

maaltyd, en die gemeenskaplike gebed. Die gemeenskaplike maaltyd verwys sekerlik in die eerste plek na die nagmaal, maar ook na die liefdesmaaltye en natuurlik ook na 'gewone' maaltye wat Christene uit 'n verskeidenheid van agtergronde in mekaar se huise geniet het. Waar mense saam 'n maaltyd geniet, val die grense tussen hulle weg – so was dit in die tyd van die eerste kerk, so is dit ook nog in ons tyd, veral in Afrika.

Afgesien van hierdie oriëntasie na binne toe, het die vroeë kerk egter ook 'n oriëntasie na buite gehad. Die twee aspekte het natuurlik ten nouste met mekaar saamgehang. As die grense en skeidinge tussen mense binne die kerk weggeval het, kon die grense na buite ook nie permanent bly bestaan nie. Die kerk het homself nie soos 'n sekte gedra nie, dit wil sê nie soos 'n groep mense wat met hulle eie dingetjies besig is en die grense tussen hulleself en mense buite die groep streng handhaaf en bewaak nie. Nee, die kerk het sy hande uitgesteek na mense buite die mure van die kerk, om hulle ook te bereik. Dit word veral duidelik as ons die gemeente in Antiogië bestudeer. Dit was toe die gemeente saam gebid en gevas het, toe hulle saam geëet en mekaar geestelik versterk het, dat die Heilige Gees vir hulle gesê het om Barnabas en Saulus af te sonder vir sendingwerk onder mense honderde kilometers daarvandaan, mense wat hulle hoegenaamd nie geken het nie, maar na wie hulle uitgereik het met die boodskap en die liefde van Christus. Ons kan dus met sekerheid sê dat 'n kerk wat innerlike vernuwing ondervind, waar die lidmate volhard in die leer van die apostels, die onderlinge gemeenskap, die gemeenskaplike maaltye en die gebed, ook 'n kerk is wat by mense buite die kerk betrokke sal raak, 'n kerk wat die nood van die samelewing raaksien en iets daaraan doen, 'n kerk wat nie alleen met homself en sy aktiwiteite besig is nie, maar wat weet dat hy deur God in die wêreld ingestuur is om die wêreld te dien en mense in hulle totale nood te bereik.

Op die pad van Jesus

So 'n kerk is ook – in die laaste plek – 'n kerk wat iets ondervind van wat lyding ter wille van die evangelie beteken. Die lyding van die kerk is alreeds aangedui in die lyding van Jesus, wat deur Lukas op 'n baie besondere wyse beskrywe word. Daar was vir Jesus geen ander weg nie, skryf Lukas. Toe die opgestane Jesus op die pad na Emmaus by twee moedelose dissipels aansluit en na hulle gesprek luister, en hoor hoe hulle kla omdat dit lyk asof alles verby is, nou dat Jesus aan die kruis gesterf het, toe begin Jesus self met hulle praat. Hy sê (Lukas24:25):

> Wat 'n gebrek aan begrip en wat 'n traagheid van gees! Glo julle dan nie al die dinge wat die profete gesê het nie? Moes die Christus nie hierdie dinge ly ... nie?

En soos Jesus gely het, so sal sy volgelinge ook ly. Hulle neem iets van sy lyding op hulleself as hulle hom volg. Hulle ondervind teenstand en vervolging. Maar in plaas daarvan dat dit hulle moed breek, maak dit hulle net al meer vrymoedig, soos ons reeds gesien het.

Dit is veral die verhaal van Paulus se bediening wat tekens van teenstand en lyding vertoon. Hierdie belowende jong Fariseër het 'n fantastiese toekoms voor hom gehad. Hy kon in die Jodedom van sy tyd tot die hoogste hoogtes geklim het. Maar Jesus het van hom besit geneem en hom in 'n totaal ander rigting gestuur– op die weg van lyding. Toe hy, na sy bekering, in die

huis van Judas in Damaskus wegkruip, stuur die Here vir Ananias na hom toe. En luister wat die Here vir Ananias oor Paulus sê: ‘Ek self sal vir hom wys hoeveel hy vir my Naam moet ly’ (Handelinge 9:16). Hierdie voorspelling is ook bewaarheid. Oral waar Paulus hom beweeg, is daar teenstand: in Antiogië in Pisidië, in Ikonium, in Korinte, uiteindelik in Rome. Paulus self som sy lyding ter wille van die evangelie in die volgende woorde op (2 Korintiërs 11:24–27):

> Vyf maal het ek van die Jode die gebruiklike straf van nege en dertig houe gekry, drie maal het ek lyfstraf gekry, en een maal is ek met klippe gegooi. Drie maal het ek skipbreuk gely en een maal het ek ’n dag en ’n nag in die oop see deurgebring. Ek was dikwels op reis en in gevaar: daar was gevare van riviere, gevare van rowers, gevare van my volksgenote en gevare van heidene; gevare in die stad en gevare in die veld; gevare op see en gevare onder vals broers. Daar was vir my harde werk en swaarkry, dikwels nagte sonder slaap, dikwels honger en dors; en dikwels was ek sonder kos, sonder skuiling of bedekking teen die koue.

Dit is, in enkele sinne, die weg van ’n apostel, ’n getuie. Dit is daarom nie verbasend dat Lukas, bewustelik of onbewustelik, opvallende ooreenkomste tussen die lydensweg van Jesus en die weg van Paulus raaksien nie. Drie maal op Jesus se weg na Jerusalem word sy lyding aangekondig. Dit is opvallend dat ook Paulus se weg na Jerusalem as lydensweg geteken word. Twee maal word daar ook vir hom lyding aangekondig (Handelinge 20:22–25; 21:10–11), op ’n wyse wat herinner aan die aankondigings van die lyding van Jesus. Die dissipel deel dus die lot van die Meester, soos Stefanus en Jakobus trouens ook gedoen het – albei het as martelare gesterwe. Die ander getuies van Jesus in Handelinge sterf wel nie as martelare nie, maar hulle beweeg tog voortdurend in die skaduwee van die dood.

Getuies ... martelare ... In die Grieks is dit natuurlik presies dieselfde woord: *martyres*. Dit is, in die laaste instansie, die prys wat die ‘getuie’ van Christus betaal: hy word ’n ‘martelaar’ vir Christus. Dit is dan ook die betekenis wat die Griekse woord *martys* mettertyd kry: die *martys*, die ‘getuie’, seël sy getuienis met sy bloed, hy word ’n ‘martelaar’. Ons kry die eerste aanduiding van hierdie betekenisverskuiwing reeds in die boek Handelinge, en wel in hoofstuk 22:20, waar Paulus vertel dat hy na sy bekering vir die Here gesê het:

> En toe Stefanus, u getuie, se bloed vergiet is, het ek self daarby gestaan...

U ‘getuie’? Of: u ‘martelaar’? Maar miskien is dit nie nodig om een van die twee vertalings te kies bo die ander nie. Miskien is daar nie werklik ’n verskil tussen ’n getuie en ’n martelaar nie. Sedert die tyd van Franciscus Xavier in die 16de eeu is dit gebruiklik dat aan elke Rooms-Katolieke sendeling, die dag wanneer hy of sy uitgestuur word, ’n kruis of krusifiks omgehang word. Hierdie pragtige simbool kan seker maklik tot ’n blote godsdienstige ornament afgewater word. Tog is die betekenis daarvan veel, veel dieper. Die een wat die kruis omgehang word, kry die stempel van die kruis. En in die laaste instansie is dit wat Lukas vir ons oor getuie-wees wil vertel: die getuies van Jesus aan wie ’n kruis of krusifiks gegee word, ontvang daarmee nie alleen ’n ryke simbool met die oog op hulle sending in die wêreld nie; hulle ontvang daarmee ook ’n handleiding oor die wyse waarop daardie sending voltrek moet word.

SLOT

Ons het aan die einde van ons reeks Bybelstudies gekom. Heel aan die begin het ek gesê dat een van Lukas se doelstellings met sy twee geskrifte was om vir sy lesers te wys hoedat Jesus se pad verskil het van die van die Joodse groepe van sy tyd. Ek hoop dat ek daarin geslaag het om vir u iets van die totaal ander weg van Jesus voor te hou.

Die vier groepe het radikaal van mekaar verskil: die Fariseërs wou alles met wette oplos en het die hele lewe verdeel tussen wat rein en onrein is; die Sadduseërs het probeer om ’n sisteem te ontwerp waarvolgens hulle met die Romeine kon saamwerk en die beste vir hulleself uit die situasie kry; die Esseners het hulleself in grotte teruggetrek waar hulle as ’n groepie super-heiliges mekaar warm gebroei het terwyl hulle gewag het dat God hulle vyande moes vernietig; die Selote het besluit om die toekoms van die Joodse volk en godsdiens in hulle eie hande te neem en die Romeine met geweld uit die land te verdryf. Ja, op die oog af was die vier groepe inderdaad baie verskillend. En tog was hulle in hulle diepste wese baie nader aan mekaar as wat enigeen van hulle sou wou erken. By al vier groepe het dit ten diepste net om hulleself gegaan. In al vier gevalle was hulle horison ontsettend eng: dit het in die meeste gevalle nie eens die hele Joodse volk ingesluit nie, maar net hulle eie klein kliek.

En Jesus? Sy weg was radikaal anders. In sy eerste preek in sy tuisdorp het hy sy pad uitgestippel: goeie nuus vir die armes en verdruktes; ’n evangelie van bekering, vergewing van sondes, en die begin van ’n nuwe lewe vir elkeen; die einde van enige gedagte aan wraak en haat, ja die vergewing selfs van hulle wat hom onskuldig aan die kruis gespyker het; en die bymekaar roep van ’n nuwe gemeenskap waarin daar plek vir almal is, ook vir die veragte Samaritane, ook vir die onbesnede heidene, ook vir die swart en wit mense van Suid-Afrika. En aan die einde van ons Bybelstudiereeks vra Lukas ons waar ons staan ten opsigte van die pad van Jesus van Nasaret. Wat sal ons antwoord hierop wees?

---

[1] Die ou Afrikaanse vertaling gee miskien duideliker uitdrukking aan die plegtigheid van die oorspronklike Grieks: ‘En toe die dae van sy opneming nader kom, het Hy sy aangesig gerig om na Jerusalem te reis’.